Downloaded from
www.grade12pastexampapers.co.za

STUDIEGIDS

KRITIESE TAALBEWUSTHEID (KTB)

AFRIKAANS


HUISTAAL

EERSTE ADDISIONELE TAAL

TWEEDE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 10-12

2019



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Second Chance
Matric Support Programme

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

2030 NDP

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

STUDIEGIDS

KRITIESE TAALBEWUSTHEID (KTB)

AFRIKAANS GRAAD 10-12

HUISTAAL

EERSTE ADDISIONELE TAAL

TWEEDE ADDISIONELE TAAL

Februarie 2019

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

INHOUD

HOOFSTUK	TITEL	BLADSY
Hoofstuk 1	**Inleiding tot Kritiese Taalbewustheid (KTB)**	4
1.1	Wat is Kritiese Taalbewustheid?	4
1.2	Wat is Ideologie?	4
1.3	Hoekom moet KTB onderrig en geleer word?	5
1.4	Wat is die fokus van KTB?	6
Hoofstuk 2	**Taal en Mag**	7
2.1	Die verhouding tussen taal en mag	7
2.2	Tegnieke wat die onderrig van taal en mag ondersteun	7
2.3	Die rol van taalstrukture in die uitoefening van mag	9
2.4	Beleefdheid en magsverhouding gedurende 'n gesprek	11
2.5	Die diskoers (gesprekke) van professionele persone of kundiges	11
2.6	Magsverhoudings in gespreksinteraksie	11
Hoofstuk 3	**Oorredende, Manipulerende en Emotiewe Taal, Partydigheid, Stereotipering, Vooroordeel en Diskriminasie**	13
3.1	Oorredende en manipulerende taal	13
3.2	Emotiewe taal	17
3.3	Partydigheid	43
3.4	Stereotipering	45
3.5	Vooroordeel	47
3.6	Diskriminasie	48
Hoofstuk 4	**Feite en Menings**	51
Hoofstuk 5	**Afleidings, Aannames en Argumente**	54
5.1	Afleidings	54
5.2	Aannames	55
5.3	Argumente	55
Hoofstuk 6	**Sosio-Politieke en Kulturele Agtergrond van Teks en Outeur**	58
6.1	Die begrip van sosio-politieke en kulturele agtergrond van teks en outeur	58
6.2	Kulturele Konteks	58
6.3	Historiese/Sosio-politieke konteks	58
6.4	Die Sosio-politieke agtergrond van die skrywer	59
Hoofstuk 7	**Taalvariëteite**	63
7.1	Wat is die betekenis van register?	63
7.2	Informele register: spreektaal en sleng	65
7.3	Jargon	66
7.4	Styl	68
Hoofstuk 8	**Die Verhouding Tussen Taal en Kultuur**	69
8.1	Wat is Kultuur?	69
Hoofstuk 9	**Visuele Geletterdheid**	71
9.1	Die begrip van visuele elemente	71
9.2	Ontleding van visuele tekste	71
9.3	Nieverbale kommunikasie	72
9.4	Liggaamstaal of liggaamsbeweging (Kinestesie)	73
9.5	Gesigsuitdrukkings	74
9.6	Interpersoonlike Ruimte	75
9.7	**Aktiwiteite: Visuele geletterdheid**	**76**

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

	Bylaag A: Geïntegreerde Raamwerk vir vraagstelling vir Kritiese teksontleding (mondelinge en geskrewe tekste)	88
	Bylaag B: Voorbeeldvrae om leerders te laat fokus op die taal van die teks wat hulle lees	89
	Bylaag C: Selfassessering	89
	Bylaag D: Voorgestelde antwoorde op aktiwiteite	94
	Bronnelys	106

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Hoofstuk 1: Inleiding tot Kritiese Taalbewustheid (KTB)


Volgens die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (KABV) vir Afrikaans Huistaal, Eerste en Tweede Addisionele Tale behoort die aanleer van 'n taal leerders in staat te stel om:

- die taal vir kritiese en kreatiewe denke te gebruik;
- menings oor etiese kwessies en waardes uit te druk;
- krities in interaksie te tree met 'n wye verskeidenheid tekste;
- perspektiewe, waardes en magsverhoudings in tekste te herken en te bevraagteken; en
- tekste vir 'n wye verskeidenheid doelwitte soos genot, inligting en navorsing krities te lees.

1.1 Wat is Kritiese Taalbewustheid?

Kritiese Taalbewustheid maak lesers/skrywers bewus van die belangrike rol wat taal speel. Volgens Fairclough (2005) leer KTB leerders hoe om die taal wat deur hulself en ander gebruik word, te ontleed. KTB verwys ook na die begrip van die sosiale, politieke en ideologiese aspekte van taal, taalvariëteite en diskoers (gesprek).

Volgens die KABV is Kritiese Taalbewustheid (KTB) die vermoë om die konstruksie van betekenis te ontleed deur begrip van magsverhoudings binne en tussen tale. Dit bemagtig die leerder om manipulasie te weerstaan en om taal sensitief te gebruik. KTB fokus op die bewuste keuses van woorde, taalstrukture, register en gesprekstrukture. Kyk na die onderstaande diagram.



1.2 Wat is ideologie?

Ideologie verwys na 'n stel geloofsoortuigings van 'n individu, of 'n groep mense. Dit is die ideologieë wat gemeenskappe en kultuurgroepe deel wat vorm en gestalte gee aan ons manier van dink oor ons gemeenskap, oor die wêreld en sy bevolking. Die ideologieë waarmee mense hulself assosieer, sal hulle persepsies beïnvloed, partydigheid skep en hul menings vorm.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Die volgende is voorbeelde van ideologieë:

Kommunisme bevorder gesamentlike eienaarskap van eiendom, met 'n enkele politieke party wat sosiale en ekonomiese beleid beheer.

Feminisme staan gelyke regte vir vroue op ekonomiese, sosiale en politieke gebiede voor. Dit spreek ook die regte van vroue aan, insluitende voortplantings- (reproduktiewe) regte.

Geslagsideologieë fokus op die houdings van mans en vroue oor hul eiesoortige rolle in die gemeenskap. Dit sluit mans en vroue se houdings oor hul regte en verantwoordelikhede in.

Gelyke geleenthede is 'n ideologie wat poog om diskriminasie gebaseer op ouderdom, geslag, kleur, ras, nasionaliteit, godsdiens en gestremdhede uit te skakel. Gestremdhede sluit in alle vorme van liggaamlike en geestelike gestremdhede. Alle mense het die reg om gelyk behandel te word.

Alle **godsdienste** is ideologieë en binne elk van hulle is 'n verskeidenheid van geloofsoortuiginge. Sommige gelowiges volg die geloofsbeginsels streng na, terwyl ander meer liberaal is en dié beginsels volg wat hulle as die belangrikstes beskou.

Sosialisme verwys na 'n reeks ekonomiese en sosiale stelsels wat gekenmerk word deur sosiale eienaarskap en demokratiese beheer oor produksiemetodes, sowel as die politieke teorieë en bewegings wat daarmee geassosieer word.

Ideologieë wat op **algemene kennis** gebaseer is, hang af van die plek waar mense hulle bevind. Mense in 'n landelike gebied sal sekere oortuigings oor veiligheid en die beskerming van diere deel, terwyl mense in stedelike gebiede leer hoe om die straat veilig oor te steek.

1.3 Hoekom moet KTB onderrig en geleer word?

KTB doen die volgende:

- Dit brei die onderrig en leer van taal verder uit as die blote kennis van tekste op grond van grammatika. Lesers/skrywers word bemagtig om nie net manipulasie en partydigheid te erken en te weerstaan nie, maar ook om taal kreatief, krities en met omsigtigheid te gebruik.
- Dit help met die lê van verbande tussen klaswerk en die wyer sosiale en politieke wêreld.
- KTB struktureer en weerspieël gelyktydig die identiteit, mag en ideologie van die taalgebruiker.
- Hierdeur leer taalgebruikers dat taal nie altyd bloot gebruik word as 'n manier om te kommunikeer of idees te deel nie, maar dat taal ook gebruik kan word as 'n manier om mense te beheer en invloed uit te oefen oor wat hulle dink en doen.
- Dit word altyd geassosieer met faktore waarvan mense nie bewus is nie, bv. mag, ideologie, identiteit, klas, geslag, ras, seksualiteit, partydigheid en vooroordeel, diskriminasie en stereotipes, en leer teksgebruikers hoe om tekste te ontleed met die doel om die skrywer/skepper se konstruksie van gebeure en mense te identifiseer.
- Dit leer taalgebruikers hoe om tekste te skep sonder om vol te hou met ewigdurende stereotipes, asook om tekste uit te daag en menings te formuleer.
- Dit verskerp taalgebruikers se bewustheid van die sosiale, kulturele en politieke situasies van die gemeenskap waarbinne die teks geskep is.
- Dit ontwikkel en verbeter kritiese denke van tekste soos koerantartikels, advertensies en films.


Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Dit verbeter kommunikasie en begrip van die samelewing terwyl jy met meer aandag luister na wat werklik gesê word, dus dink jy meer versigtig voor jy self praat of skryf, terwyl jy leer om meer effektief tussen die reëls te lees.

1.4 Wat is die fokus van KTB?

Volgens Henry & Tator (2002) is diskoers (gesprek) die manier waarop taal in die gemeenskap gebruik word om 'n breë historiese betekenis oor te dra. Dit is taalgebruik wat kenmerkend is van die sosiale omstandighede waarin dit gebruik word, wie die gebruiker is en onder watter omstandighede dit gebruik word. Taal kan nooit neutraal wees nie, aangesien dit taalgebruikers se persoonlike en sosiale lewens oorbrug. Die keuse van woorde word bepaal deur 'n spreker se sosio-kulturele konteks, politieke agtergrond en die gehoor.

Die onderstaande diagram demonstreer hoe verskeie aspekte van taalgebruik en/of taalverwysings verband hou met mekaar. Leerders behoort gesproke en geskrewe taal te gebruik om te bepaal hoe taal aangewend word om hul wêreld-beskouings te beheer of te beïnvloed en te vorm.



Alhoewel hierdie aspekte in isolasie beskryf word, is hulle interafhanklik, bv. wanneer mense mag uitoefen, gebruik hulle oorredende taal, vooroordeel of stereotipering om die gehoor te manipuleer.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Hoofstuk 2: Taal en Mag

Leerders behoort die verhoudings tussen taal en mag aan te leer, sodat hulle sal verstaan dat taal ook gebruik kan word om mense te beheer en hul denke te beïnvloed. Hulle moet ook toegerus word om tekste te skep deur tegnieke soos emotiewe taal te gebruik, terwyl hulle partydigheid, vooroordeel en stereotipering moet vermy.

Die doel van die onderrig van taal en mag is om leerders toe te rus met die begrip van hoe taal gebruik word om magsverhoudinge en ideologieë in gesproke en geskrewe, asook nieverbale tekste uit te druk. Deur verskillende tekste te bestudeer, moet hulle bepaal hoe taalstrukture gebruik word om sekere ideologieë oor te dra om ander te oorreed en te manipuleer. Die ontleding van magsverhoudings behoort interaksie van aangesig tot aangesig in te sluit. Derhalwe moet bv. dialoë, onderhoude, hofprosedures, ens. hiervoor gebruik word om die verhouding tussen taal en mag beter te kan verstaan.

2.1 Die verhouding tussen taal en mag

- Die taal wat die spreker gebruik, dui aan of hy of sy in beheer is, óf beheer word. Die spreker wat in beheer is, is daartoe in staat om die gehoor te manipuleer, te beheer en te oortuig.
- Mag word deur een persoon oor ’n individu of een groep oor ander groepe uitgeoefen. Dit word **sosiale mag** genoem.
- Mag ontstaan vanuit ’n posisie van onder meer rykdom, rang, status, outoriteit, kennis, kundigheid of voorregte, en selfs deur lidmaatskap van ’n dominante of meerderheidsgroep.
- Magsverhoudinge word deur middel van diskoers ingestel, uitgeoefen en gereproduseer.
- **Invloedryke mag** is die soort mag wat gehandhaaf word deur toestemming te verkry van diegene wat daarby betrek word. Dit dwing ons of motiveer ons om op bepaalde maniere op te tree of om menings en houdings aan te neem sonder die opsigtelike afdwing van mag. Dit funksioneer in sosiale verskynsels soos advertensies, kultuur en die media.
- Taalgebruik weerspieël die posisionering van die spreker.
- Ons verwag van mense in gesagsposisies om ’n formele register te gebruik. Sakemanne, politici, professore, onderwysers en ook dokters gebruik byvoorbeel elkeen sy of haar eie jargon.
- Taalgebruik weerspieël ’n persoon se posisie in die samelewing.
- Groepe met mag het groter beheer oor – of toegang tot – ’n wyer verskeidenheid rolle, geleenthede en style. Hulle beheer formele dialoog met junior personeel, hulle dien as voorsitters van vergaderings, gee opdragte of lê reëls neer, skryf (of laat skryf) verskillende soorte verslae, boeke, instruksies, stories of verskeie massamediatekste. Hulle is in die meeste gevalle nie net aktiewe sprekers nie, maar kan die inisiatief in gespreksforums of openbare twisgesprekke neem. Hulle gee die toon aan, of inisieer die teks- of gesprekstyl, bepaal die gespreksonderwerpe en besluit wie sal deelneem of aan die ontvangkant van hulle gesprekke wees.
- Taalgebruikers kan tot ’n mate die doel, rolverdeling, optrede, konteks, uitslag en ander konvensies wat kommunikasie met ander persone reguleer, beheer. ’n Mens kan byvoorbeeld deur dominerende optrede daarin slaag om ’n magsverhouding te skep, of jy kan deur onderskikkende of demokratiese optrede probeer om die magsverskille uit te skakel.

2.2 Tegnieke wat die onderrig van taal en mag ondersteun

- **Oorredende taal** in advertensies en propaganda is daarop gemik om die toekomstige optrede van die teikenmark te beïnvloed.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- **Stories wat beïnvloed:** Tekste soos romans, kortverhale, gedigte, dramas en nuusberigte kan die gewenste of ongewenste toekomstige optrede tot gevolg hê. Hierdie tekste gebruik retoriek of 'n dramatiese of emosionele aanslag wat mense kan beïnvloed.

- **Gesprekvoering:** Sprekers/skrywers moet let op hoe taalstrukture, woordeskat en sinskonstruksies (grammatika) en konvensies tydens die uitoefening van mag gebruik word. Die gebruik van dialoog tussen mense met ongelyke magsposisie moet ondersoek word om te bepaal wie opponeer, wie weerstand bied of wie toegewings maak.

  Sprekers/skrywers moet kyk na die wyse waarop persone in magsposisies onderwerpe in gesprekke of dialoë beheer, ander onderbreek en hoe hulle dominerende of bevelende taal gebruik.

Voorbeelde van taal- en kommunikasiestrategieë wat deur mense in leierskaps- of

gesagsrolle gebruik word:

- Prokureurs en regters maak staat op spesifieke taalgebruik en terminologie ten einde orde te skep, mense te ondervra en getuies te dwing om met die feite vorendag te kom.

- 'n Moeder kan staatmaak op ferm woorde om die gedrag van haar kind te beheer.

- Om respek af te dwing en om magsverskille te bepaal, dring onderwysers gereeld daarop aan dat taalgebruikers hulle formeel aanspreek. In alle gevalle, alhoewel die gebruik van terminologie en die stemtoon mag verskil, is die hoofdoel gehoorsaamheid of beheer.

- Die afwesigheid van woorde word soms gebruik om gesag af te dwing. 'n Ma wat haar kind betrap terwyl hy of sy op die kombuiskaste klouter om die koekies by te kom, kan slegs deur gepaste gesigsuitdrukkings en 'n enkele: "Nee!" gesag oor die kind se gedrag verkry.

- Taalgebruikers moet leer wat die funksies van verskillende taalstrukture is sodat hulle dit kan gebruik om mag in gesproke sowel as geskrewe situasies te ontleed.

Voorbeelde van hoe mag in verskillende tekste/gespreksituasies gebruik word.

(Geskrewe, gesproke en nie-verbale gesprekke)

Taal, mag en reklame/bemarking

- Die mag van advertensies lê daarin dat hulle dikwels ekonomiese of finansiële kwessies gebruik om mag of beheer oor lesers uit te oefen.

- 'n Maatskappy 'praat' met moontlike kopers deur 'n magsboodskap in hulle advertensies in te sluit.

- Advertensies gebruik gereeld oorredende taalgebruik om beheer oor 'n spesifieke kopersmark te kry.

- Advertensies maak dikwels van kort tekste gebruik – in gedrukte vorm of in die uitsaaimedia – waar elke woord belangrik is (soos in die digkuns).

- Die kopieskrywer gebruik persoonlike voornaamwoorde soos 'jy' en *'ons'* om die verbruiker persoonlik te betrek. *Hoe kan ons jou help?* Dit help die adverteerder om meer beheer oor potensiële kopers te kry.

- Advertensies gebruik eerder konnotatiewe in stede van denotatiewe betekenisse en impliseer dat hul produkte meriete het.

Taal, mag en die media (koerante, tydskrifte, advertensies, televisie, radio, die

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

wêreldwye web en e-pos)

- Die media besluit hoe nuusmakers voorgestel moet word en hulle gebruik die emotiewe krag van woorde, bv. *Sokker: Stryd van die reuse.*

- Die media is dikwels doelbewus vaag met die inligting wat hulle die lesers bied. Mediaberigte noem soms glad nie wie verantwoordelik vir 'n spesifieke optrede is nie: *KRAG-STEEL SKIET DIE HOOGTE IN, TIEN BILJOEN RAND IS VERLEDE JAAR VERLOOR.* Lesers wonder dan waarom die naam van 'n verantwoordelike persoon weggelaat is. Dit is 'n doeltreffende manier om nuuskierigheid te prikkel en sodoende te behou, en op so 'n manier kan 'n berig die media se magsposisie versterk.

Die onderstaande vrae kan as voorbeelde gebruik word om die kwessie van taal en mag te verduidelik:

- Wie het besluit dat jy op bepaalde tye skool toe moet kom en huis toe moet gaan?

- Wie bepaal die reëls wat jy by die huis moet nakom?

- Hoe beïnvloed die gedrukte en sosiale media jou gedrag, lewensuitkyk en leefstyl?

- Hoe gebruik advertensies emotiewe taalgebruik om potensiële kopers te oorreed om 'n produk te koop?

2.3 Die rol van taalstrukture in die uitoefening van mag

KTB behels die ontleding van hoe taalstrukture gebruik word om mense te beheer en te beïnvloed. Kennis oor die invloed van verskillende taalstrukture sal as gereedskap dien om beide geskrewe en gesproke tekste te analiseer.

Taalstrukture dra dikwels betekenisse/boodskappe deur middel van die volgende oor:

Die aanwysende stelwyse

- Dit is kenmerkend van stellings wat gemaak word.

- 'n Stelling word gewoonlik gemaak om die ander persoon te oortuig om die oortuiging wat die stelling uitdruk, aan te neem as deel van sy eie oortuigings en wêreldsiening. Indien dit geslaagd is, sal die betrokke siening deel word van die geloofstelsel wat die persoon se denke en optrede beheer: *Hierdie produk is spesiaal vir jóú ontwerp.*

Die gebiedende stelwyse

- Die gebiedende wyse word gebruik wanneer daar 'n magsverskil tussen die spreker en die luisteraar is, wat die spreker sal bevoordeel. Dit gee dan die spreker die mag om die luisteraar te beveel om iets te doen, bv. *STOP!*; *Luister!*; *Moenie laat wees nie!*

- Die gebiedende wyse kan gebruik word wanneer sterk emosies, soos woede, ervaar word: "*Moenie toelaat dat skelms jóú geld steel nie!*"

- **Modale woorde,** byvoorbeeld hulpwerkwoorde soos **moet, sal, mag**, ens., word op 'n imperatiewe/gebiedende wyse aangewend, bv. *Jy **moet** jou huiswerk doen en dit môre skool toe bring*.

Vraende stelwyse

- Dit word in vrae gebruik.

- Deur iemand 'n vraag te vra, verwag jy 'n antwoord en indien daar 'n onderliggende magsverhouding is, word die versoek om 'n antwoord te gee, bindend. Dit is baie duidelik in ondervragings, maar veral ook in die klaskamerinter-

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

aksie tussen onderwyser en leerder. “Waarom het jy die opdrag wat ek jou gegee het, nie uitgevoer nie?”

2.4 Beleefdheid en magsverhouding gedurende ’n gesprek

Beleefdheid en mag kom dikwels tegelykertyd voor. Mag en beleefdheid hou verband deurdat beleefdheid gewoonlik gebruik word as ’n strategie of middel om die magsvertoon weg te steek of teë te werk.

Taalkundige beleefdheid verwys na gepaste optrede in die verhouding tussen die spreker en die aangesprokene. Faktore wat beleefdheid beïnvloed, sal van kultuur tot kultuur verskil.

Waarborge, sekerheid of dekking

- Waarborge is ontwykende frases wat geneig is om jou oortuiginge en jou boodskap af te water.
- Terwyl waarborge soos “soort van”, “ek dink”, “ek meen so”, “ietwat”, “miskien”, beskerming teen konfrontasie bied, kan dit ’n mens se magsposisie in ’n gespreksituasie laat afneem.
- Waarborge skep die indruk dat jy nie genoeg selfvertroue in die oortuigingskrag van jou boodskap het nie.
- Indien jy waarborge wil gebruik, moet dit oordeelkundig en professioneel gebruik word.

Etiketvrae

- Net soos waarborge, impliseer etiketvrae ’n behoefte aan bemoediging of versterking.
- Deur stellings te eindig met etiketvrae soos “*is dit nie?*” of “*sal dit nie?*” laat die spreker sonder selfvertroue voorkom, wat die effektiwiteit van sy boodskap ondermyn.
- Etiketvrae skep twyfel oor jou geloofwaardigheid en bekwaamheid by jou gehoor.

Ontkenning/Afwysings

- Ontkenning impliseer die behoefte aan bemoediging of versterking. Om jou sinne te begin met woorde soos “*Moet my nie verkeerd verstaan nie, maar...*”, of “*Ek weet dit klink snaaks, maar...*”, kan veroorsaak dat jy verkeerd verstaan word.
- Afwysings plant ook die saadjie van vertwyfeling by die gehoor oor jou geloofwaardigheid en jou bevoegdheid. “*Ek dink ons moet die projek steun, of hoe dink julle?*”

2.5 Die diskoers (gesprekke) van professionele persone of kundiges

Professionele persone, kundiges/kenners en outeurs van boeke beïnvloed mense se gedrag deur hul beskrywings van toekomstige of moontlike gebeure, handelinge of situasies in byvoorbeeld voorspellings, planne, programme en waarskuwings. Hierdie beskrywings is somtyds ook gekombineerd met verskillende vorme van advies. Hul beheer van kennis en tegnologie is dikwels waaruit hul magsbasis bestaan.

2.6 Magsverhoudings in gespreksinteraksie

Gesprekke in die klaskamer

- Die bevelsin word baie gereeld in die klaskamer gebruik, bv. “*Doen hierdie werk!*”, of “*Sal jy asseblief hierdie werk afhandel?*”.
- Die onderwyser gebruik gewoonlik die name van die leerders wanneer hy/sy ’n direkte versoek rig, terwyl die leerders aanspreekvorme soos *Juffrou* of *Meneer* gebruik.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Gesprekke tussen volwassenes en kinders

Voor die hand liggende magsverskille in baie kulture is dié tussen ouers en hul kinders. Daar kan kulturele verskille en verskille tussen vaders en moeders wees. Die mindere status van kinders in sommige gemeenskappe kan veroorsaak dat kinders stilgehou word en hulle mag selfs verbied word om sekere gespreksonderwerpe te inisieer of te bespreek. Hulle kan ook onderbreek word, of daar kan van hulle verwag word om 'n verskeidenheid van spesiale aanspreekvorme te gebruik wat op respek dui, byvoorbeeld "*Goeiemôre, Meneer*", "*Ja, Juffrou*", "*Maar Meneer!*". Volwassenes 'word toegelaat' om beurtnemingskonvensies te skend/verbreek. Hulle mag kinders onderbreek, met hulle raas of hulle dreig. Hulle kan kinders ook korrigeer terwyl hulle met 'n gesprek besig is. Kinders word egter nie deur ouers toegelaat om dieselfde te doen nie.

Gesprekke tussen mans en vroue


Terwyl beurtnemingskonvensies algemeen bekend is, word die persoon met meer mag 'toegelaat' om die gesprek te onderbreek.

Werksonderhoude

Die onderhoudvoerder beheer die tempo en vordering van die gesprek wat plaasvind en mag ook die gesprek onderbreek. Die persoon met wie die onderhoud gevoer word, probeer om sy/haar gedagtes so goed as moontlik oor te dra. Die persoon met wie die onderhoud gevoer word, word deur die vereistes van die onderhoud beperk omdat hy/sy nie die geleentheid gegun word om sy/haar beste voetjie voor te sit nie.

Aktiwiteit 1

In die onderstaande advertensie word taal gebruik om mag uit te druk. Die regering se onverdraagsaamheid oor drink en bestuur het hierdie advertensie tot gevolg gehad. Kyk of jy kan vasstel wat die regering se boodskap aan die publiek is deur die onderstaande vrae te beantwoord.



[Bron: https://www.google.co.za/url?sa=i&source=images&cd=&cad=rja&uact=8&ved=2ahUKEwiU3fSJ9cAh-WPmLQKHQP3DSQQjRx6BAgBEAU&url=https%3A%2F%2Fwww.youtube.com%2Fwatch%3Fv%3D2PNl-Wc3-6FM&psig=AOvVaw28sWI4M_BdVAob7mVBEAsZ&ust=1533903797677447 [2018.08.09]]

VRAE:

1.1 Waar, dink jy, bevind die persoon hom? Gee bewyse vir jou antwoord.

1.2 *Papa wag vir jou!*

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

1.2.1 Na wie, dink jy, verwys 'Papa'?

1.2.2 Waarom, dink jy, is die gebruik van die benaming 'Papa' ironies?

1.2.3 Watter emosie wek die woorde by die leser op?

1.3 Watter boodskap oor drink en bestuur, dink jy, wil die advertensie aan die leser en kyker oordra?

1.4 Dink jy die advertensie is effektief? Motiveer.

Aktiwiteit 2

Lees en kyk na die volgende strokiesprente en beantwoord die vrae oor die gesprekke wat magsverskille aandui.



Strokie 1

Strokie 2



[Bron: Internet: http://daniecronje.co.za/tuis/meestr8-2/]

VRAE:

2.1 Wie lei die gesprek in elk van die strokiesprente en waarom?


2.2 Verduidelik waarom die gesprek in die tweede strokiesprent as negatiewe gesprekvoering beskou kan word.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

2.3 Hoe word die magsverskil tussen Neelsie en Meester in die tweede strokiesprent visueel voorgestel?

Hoofstuk 3:

Oorredende, Manipulerende en Emotiewe Taal, Partydigheid, Vooroordeel en Stereotipering



3.1 Oorredende en manipulerende taal

- Oorredende taal word gebruik om mense te oortuig om 'n sekere plan van aksie te volg. Dit daag mense uit of nooi hulle om die voorgestelde standpunte goed te keur en te ondersteun. Gebruikers van oorredende taal is nie noodwendig in die feite geïnteresseerd nie. Hulle het ten doel om die teikengehoor/-leser se emosies, eerder as hul rede, aan te spreek.
- Manipulerende taal het ten doel om 'n onregverdige voorsprong oor ander te verkry. Ironie, hiperbool en alliterasie word dikwels in advertensies of politieke toesprake gebruik om die gehoor te manipuleer. Manipulerende taal het ten doel om lesers te oortuig om in die skrywer of spreker se standpunt te glo.
- Alle oorredende of manipulerende taal is nie noodwendig misleidend nie, maar om die verskillende vorme van manipulasie te kan herken, verhoog kritiese leesvaardighede wat lesers help om kritiese taalgebruik te erken.

Die gebruik van oorredende taal

- Oorredende taal in **advertensies** word gebruik om verbruikers te laat glo dat hulle 'n spesifieke diens of produk wil hê, of dat hulle dit benodig.
- Oorredende taal word in **opstelle en hoofartikels** gebruik om 'n oortuigende argument te voer.
- Die tegnieke van oorredende taalgebruik verander na gelang van die doel of teikengroep.
- Dit kan ook in die vorm van propaganda gebruik word, bv. halwe waarhede wat dikwels gebruik word om mense op te sweep of te indoktrineer.
- Tydens politieke veldtogte word oorredende en manipulerende taal baie gebruik om die kiesers met opset te beïnvloed om vir 'n spesifieke politieke party te stem.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Manipulerende taal word ook in toesprake en koerantartikels gebruik.

Aktiwiteit 3

Taalgebruik handel oor die maak van keuses. Vra die volgende vrae:

- Waarom sê die spreker dit?
- Waarom gebruik joernaliste of skrywers 'n spesifieke woord terwyl daar baie ander woorde met soortgelyke betekenis bestaan?
- Wat word nie gesê nie?

3.1 Lees die onderstaande sin en beantwoord die vrae wat daarna volg:

> ***Die swakker span het die omstrede doel aangeteken wat die gunstelingspan van die titel beroof het.***

3.1.1 Identifiseer oorredende en manipulerende woorde in hierdie sin.

3.1.2 Word die woord omstrede negatief of positief gebruik en hoe vergelyk dit met die woord gunstelingspan?

3.1.3 Wat kan die leser uit die woordkeuse aflei oor die skrywer se gesindheid teenoor die swakker span?

3.2 Verduidelik waarom die woordkeuse in die volgende stellings effektief is?

1. ***Die werkgewer weier om oorspronklike salarisaanbod van 6% na 6,5% te verhoog.***
2. ***Hy is 'n onverbiddelike onderhandelaar.***
3. ***Ons het by twee geleenthede tevergeefs probeer om met die unies in gesprek te tree om 'n nuwe aanbod te beding, maar hulle weier hardkoppig om ons te woord te staan.***

3.3 Soek na voorbeelde van slagspreuke van advertensieveldtogte wat gebruik maak van klank, bv. alliterasie en rym, om dit makliker te maak om die produk te onthou.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Byvoorbeeld: *Alles loop reg, altyd reg, Toyota.*

Oorredingstegnieke

Die volgende oorredingstegnieke behoort erken te word met luister, lees (visuele teks ingesluit), praat en skryfwerk.



Vaagheid

Onduidelike woorde wat nie spesifieke betekenis dra nie, word dikwels gebruik. Die publiek wonder dikwels: "*Wat het hy nou eintlik gesê*?" Dus wil hy of sy weer na die advertensie kyk of luister. Vaagheid is dus 'n tegniek wat advertensies gebruik om lesers te manipuleer om 'n advertensie meer as een keer te lees of na te luister.

Dubbelsinnigheid

'n Woord met meer as een betekenis wat op verskillende maniere vertolk kan word, kan gebruik word om verskillende aspekte van ervarings te verteenwoordig.

In die stelling "*Ek hoop jy kry wat jou toekom*" is 'n mens nie seker of die spreker iemand iets goeds of iets slegs toewens nie, behalwe as die spreker se bedoeling duidelik uit die konteks blyk.

Partydigheid

Aan die een kant kan jy eensydig, eiesinnig en tot jou eie voordeel beslis by die beoordeling van 'n saak en dus by implikasie onregverdig en in stryd wees met wat reg is.

Partydigheid kan op die wyse waarop vrae gestel word, geïmpliseer word. 'n Vraag soos, "*Hoe kan mense toegelaat word om knopkieries in die openbaar te dra?*" suggereer dat daar nie 'n gebalanseerde en objektiewe siening van die saak gaan volg nie.

Stereotipering

Stereotipering oortuig mense dat iemand spesifieke karaktereienskappe het omdat die persoon aan 'n spesifieke

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

groep behoort wat dieselfde karaktereienskappe het. Daar word dan dikwels growwe veralgemenings gemaak: "*Sy sal nie verstaan nie, sy is 'n blondine*".

Jargon

Jargon verwys na tegniese terminologie (vaktaal) wat nie deur die gewone publiek verstaan word nie, maar wat gebruik word in 'n spesifieke groep wat dieselfde professionele, akademiese of ander belangstellingsveld deel. 'n Spreker kan jargon gebruik om inligting belangrik te laat klink, om sy/haar geloofwaardigheid of meerderwaardigheid te beklemtoon, om die gehoor se gebrekkige kennis oor 'n onderwerp te beklemtoon, of om die betekenis van die onderwerp onder bespreking van die gehoor weg te hou.

'n Dokter kan byvoorbeeld verwys na 'n pasiënt se "*infeksie van die boonste lugweg*".

Retoriese vrae wat tot nadenke stem.

Retoriese vrae of uitgediende vrae word in pamflette gebruik sodat lesers gedwing word om na die antwoorde daarop in die teks te gaan soek.

- *Hoe kan jy jou baba teen kieme beskerm?*
- *Wil jy van jou skuld ontslae raak?*
- *Wil jy vinnige verligting van hoofpyn hê?*
- *Wil ons ons land weerloos teen terroriste-aanvalle laat?*

Oordrewe taal

Hiperboliese of oordrewe taalgebruik wil doelbewus die werklikheid/realiteit van 'n situasie oordryf of erger laat klink as wat dit is om sodoende die publieke/lesers se aandag te trek. Dit het ten doel om meer emosionele reaksie uit te lok as wat 'n gewone stelling sou doen.

"*Die skoolhoof gaan eerder dood as wat hy ons een dag by die huis sal laat bly!*" Hierdie voorbeeld van oordrywing beteken nie dat die skoolhoof letterlik sal doodgaan nie, maar dat hy net baie erg gesteld is op skoolbywoning.

Alliterasie

Veral in die titel of in die laaste stelling of sin kan alliterasie 'n baie effektiewe oorredingstegniek wees. In advertensies en slagspreuke is dit 'n algemene gebruik om dieselfde konsonant aan die begin van woorde te gebruik om dit maklik te maak om die slagspreuk te onthou, bv. *Vinnige versekering vir veertig-plussers.*

Rym

Sannie sê Sannie sal sewe sakke sout eet
Sommige sê Sannie leef swaar
Sannie sê Sannie sal sewe sakke sout eet
Sewe sakke sout is swaar, sowaar

Rym verwys na die herhaling van eendersklinkende woorde aan die einde van die reëls in gedigte en liedjies, byvoorbeeld:

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

[Bron: https://www.musixmatch.com/lyrics/Anneli-van-Rooyen/Sewe-Sakke-Sout]

Eufemismes

Eufemisme is 'n manier om iets onaangenaams, of 'n sensitiewe onderwerp waaroor mense nie graag praat nie, op 'n sagter manier oor te dra. Die negatiewe konnotasie van 'n woord word sodoende vervang wat dit makliker maak om daaroor te praat, of wat minder emosionele reaksie uitlok. *Sy is maar 'n dowwe dolla – pragtig, maar nie so slim nie*, d.w.s. sy is eintlik baie dom. *Dis jammer hy moes so onverwags die tydige met die ewige verwissel*, d.w.s. sterf.

Neutrale woord	Eufemisme
Sterf	sag heengegaan
Rebel	Vryheidsvegter
oorgewig	Mollig

Repetisie of herhaling

Repetisie van woorde of frases en konsepte het ten doel om 'n standpunt te versterk, bv.:

- *Ons kan die misbruik van dwelmmiddels stop. Ons sal die misbruik van dwelmmiddels stop.*
- *Onthou hoe dit op skool was, onthou hoe hard jy moes werk, maar onthou ook die aangename herinneringe.*
- *Ons moet nooit, maar nooit weer dieselfde foute maak nie!*

Anekdotes

'n Anekdote is 'n storie wat gebruik word om 'n standpunt te verduidelik. Dit kan 'n kort interessante of humoristiese storie wees gebaseer op 'n ware gebeurtenis of persoon. Dit sluit verder voorbeelde, feite en statistieke in wat as bewys gebruik kan word om die voorstelling van 'n argument te versterk. Die doel van anekdotes is, onder andere, om die gehoor te vermaak, te waarsku, te oorreed of te inspireer.

Etiese taalgebruik doen 'n beroep op regverdigheid, die idees van reg en verkeerd, moraliteit en geregtigheid, bv. "Dit is ons morele plig om na die weduwees en die wese om te sien!"

Geykte uitdrukkings en ongrammatikale strukture help ook om 'n ontspanne gesprekstoon te skep, wat belangrik is vir oorreding. So bevat die sinne "*Moenie vir my 'Braam' nie!*" en "*Moenie my 'Liefie' nie!"* 'n geykte uitdrukking sowel as ongrammatikale struktuur. Die naamwoorde *Braam* en *Liefie* word as werkwoorde gebruik, terwyl die geykte uitdrukking in die eerste sin suggereer dat Braam bewus is dat die spreker hom wil omkoop.

3.2 Emotiewe taal

Emotiewe taal is die woordkeuses wat sterk gevoelens of emosie wek. Dit is ook bekend as gevoelstaal. Emotiewe taal word as 'n oorredingstegniek beskou en word ook soms gelaaide of gelade taal genoem. Sulke woorde word gebruik om sterk, emosionele response te ontlok met die doel om druk te plaas, selfs om lesers te dwing om saam te stem. Hierdie woorde lok sterk gevoelens by mense uit. Wanneer van emotiewe taal gepraat word, word daar na die konnotatiewe betekenis van woorde verwys, d.w.s. die dieper betekenisse wat hierdie woorde oordra en die emosies wat daardeur opgesweep word.

- **Konnotatiewe en denotatiewe betekenisse**
- Denotatiewe **betekenis** verwys na die feitelike, objektiewe, letterlike betekenisse van

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

woorde, soos wat dit in die woordeboek aangegee word.

Konnotatiewe **betekenis** verwys na die emosionele assosiasies wat aan ’n woord of frase gegee word. Die konnotasie is iets waarvoor jy ’n aanvoeling ontwikkel het, dus ’n geïmpliseerde betekenis. Dit is die figuurlike betekenis van woorde, frases en sinne.

Die denotasie van die woord *slang* is ‘’n beenlose, vleisetende reptiel’.

Die konnotasie van die woord *slang* kan onheil of gevaar insluit.

POSITIEWE KONNOTASIE	NEGATIEWE KONNOTASIE
Ons het aandenkings gekoop wat nie te duur was nie.	Ons het goedkoop aandenkings gekoop.
Hy is nie lief vir werk nie.	Hy is lui.
Sy praat mos nie nou die waarheid nie.	Sy lieg mos nou!

- Sommige emotiewe woorde het negatiewe konnotasies, bv. oud, verval, arm, pyn, koud, winter, hulpeloos, ens. Sulke woorde laat ’n onaangename gevoel by die leser ontstaan.
- Die emosionele inhoud van die woorde wat in geskrewe of gesproke teks gebruik word, is ’n baie goeie aanduiding van die outeur se gevoelens oor die onderwerp. Dit kan die skrywer se vooroordeel en partydigheid weerspieël.
- Die spreker probeer emosies opwek sodat sy/haar standpunt gevolg kan word.
- Sommige emotiewe woorde het positiewe konnotasies, dit wil sê lesers assosieer hierdie woorde met gunstige/goeie dinge, want dit laat hulle goed voel. Voorbeelde van sulke woorde is: *warm, teer, aroma, fluister, eerlik,* ens.
- Lesers se reaksies op emotiewe woorde hang in ’n groot mate af van hul agtergrond en ondervindinge. Iemand se ervaring met ’n hond wat hom/haar gebyt het, sal anders oor honde voel as iemand wat met honde teel.

Neutrale woord	Emotiewe woorde	
	Positiewe konnotasie	**Negatiewe konnotasie**
motor	limousine	rammelkas
ryk	weelderig	oordadig
moeilik	uitdagend	kompleks
vet	Mollig	oorgewig

Voorbeelde van neutrale woorde en emotiewe woorde

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Maniere om emosies te beskryf				
Liefdeswoorde	**Woorde om blydskap te uiter**	**Woorde wat woede uitdruk**	**Woorde wat hartseer uitdruk**	**Woorde wat vrees aandui**
Liefde	Blydskap	Woede	Hartseer	Vrees
Aanbidding	Verlustig	Ergernis	Pyniging	Angs
Affeksie	Opgewek	Minagting	Angstig	Nood
Aangetrokke	Opgeruimd	Wreed	Verslane	Twyfelagtig
Omgee	Genoegdoening	Afgryse	Depressief	Vreesagtig
Meegevoel	Tevredenheid	Afguns	Wanhoop	Broosheid
Begeer	Vreugde	Frustrasie	Ontsteltenis	Skrik
Betower	Vrolikheid	Woedend	Misnoeë	Gruwel
Gaaf	Opgewondenheid	Brommerigheid	Somberheid	Histerie
Engel	Eufories	Haat	Verdriet	Skrikkerig
Skat	Jolig	Jaloesie	Hopeloosheid	Senuweeagtigheid
Koester	Joviaal	Geïrriteerd	Seergemaak	Huiwer

Aktiwiteit 4

Verskaf meer voorbeelde:

Neutrale woord	Emotiewe woorde	
	Positiewe konnotasie	**Negatiewe konnotasie**

Voorbeelde van ander positiewe en negatiewe emotiewe woorde

Positief	Negatief
selfversekerd	voorbarig
jeugdig	kinderagtig
uitdagend	moeilik
ekonomies	suinig
mollig	oorgewig

Aktiwiteit 5

Verskaf meer voorbeelde van positiewe en negatiewe emotiewe woorde:

Positief	Negatief

Voorbeelde van emotiewe taal in koerantopskrifte

Skool in vlamme; leerders vlug angsbevange

Maatskappybestuur 'n rioolpoel van korrupsie

- **Wenke om emotiewe taal te identifiseer:**

  - Wanneer jy 'n artikel lees, moet jy ook aan ander moontlike standpunte dink.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Hoe kan die skrywer taal gebruik om emosies te manipuleer sodat jy tot 'n ander gevolgtrekking kom?
- Luister na politici en let op hoe hulle emotiewe taal gebruik om mense se politieke oortuigings te manipuleer.

▪ **Oorreding in advertensies**

- Adverteerders gebruik taal om die verbruiker se persepsies, oortuigings en reaksies te beïnvloed.
- 'n Belangrike strategie is om positiewe of negatiewe assosiasies met die diens of produk te maak.
- Baie mense koop produkte, nie omdat dit kwaliteit produkte is nie, maar op grond van positiewe assosiasies wat gemaak word.
- 'n Voorbeeld van oorreding: *NOKIA verbind mense.*

▪ **Kenmerke van 'n geslaagde advertensie**

- Die bekendste tegniek vir die skep van 'n doeltreffende advertensie is die ABBA beginsel. Dit verwys na **A**andag, **B**elangstelling, **B**egeerte en **A**ksie.
- **Aandag:** Die volgende aspekte help om die teikenleser se aandag te trek: grafika, opskrifte, uitleg, ontwerp en kleurgebruik.
- **Belangstelling:** Belangstelling word gewek as die advertensie aspekte aanspreek wat met die leefwêreld van die verbruiker verband hou en wat mense se behoeftes aanspreek. Kontakbesonderhede word dikwels verskaf en die belofte van 'n gratis geskenk sal verdere belangstelling aanwakker.
- **Begeerte:** Wanneer die belangstelling geprikkel is, moet 'n begeerte geskep word om die produk te wil koop of om van die diens gebruik te wil maak.
- **Aksie:** Die adverteerder wil hê die leser moet tot aksie oorgaan deur die produk te koop of om die diens op die proef te stel.

▪ **Voorbeelde van oorredende woorde wat in advertensies gebruik word**

Die volgende woorde is nuttig vir die ontwerp van 'n advertensie of brosjure:

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Nuut	Verleidelik	Belangrik	Help onmiddellik
Nou	Kragtig	Waarde	Wonderwerk
Gratis	Beperkte	Goedgekeur	Betowerende
Kondig aan	Geleentheid	Praktiese	Bekendstel
Beste	Aanbod	Veilig	Vinnig
Deurbraak	Uitsonderlik	Help	Gesond
Onbeperkte	Miljoenêr	Uniek	Verbetering
Rykdom	Beroemd	Belonings	Maklik
Geld	Aandag	Nuttig	Geskik
Geluk	Feit	Vinnig	Begeerde
Ongelooflike	Beeld	Onmiddellik	Slegs
Rewolusionêre	Reuse	Wenner	Sensasionele
Verbeterde	Waar	Beproefde	Winskoop
Nuutste	Moenie	Lief vir	Merkwaardige
Hoogsgeheime	Stop	Ryk	Verlief
Vertroulik	Perfekte	Persoonlik	Waarborg
Ontdek	Maklike	Droom	Jy
Onthul	Spaar	Joune	Manjifieke
Skat	Wonderlike	Suksesvol	

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- **Verduideliking van sommige oorredende woorde en tegnieke wat in advertensies gebruik word**

Spaar Kopers wil altyd geld bespaar. As jy mense kan oortuig dat die produk of diens finansieel tot hulle voordeel sal wees, gaan dit beslis hulle belangstelling prikkel.	 [Bron: *Huisgenoot* 19 Julie 2018]
Veiligheid Kopers verwag dat produkte wat hulle koop, veilig gebruik sal word en wil die versekering hê dat produkte wat hulle aangekoop het, aan die hoogste veiligheidstandaarde sal voldoen. Ons verwag dat voedsel geïnspekteer moet word en wil graag klere en skoene koop wat aan streng veiligheidsmaatreëls voldoen.	 [Bron: *Tuis*, Augustus 2018]
Bewyse (statistiek) Adverteerders moet bewyse verskaf dat iets 'n kwaliteitproduk is. In 'n advertensie vir katkos kan daar na navorsing verwys word. Die adverteerders sal byvoorbeeld noem dat 8 uit elke 10 kateienaars die produk koop. Dit impliseer 'n kwaliteitproduk.	 [Bron: *Rooi rose*, April 2014]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Toegeneentheid/Liefde

Hierdie woord het veelvuldige betekenisse. ’n Mens kan baie van ’n spesifieke produk hou of jy kan baie beïndruk met die kwaliteit of werkverrigting van ’n produk wees. Adverteerders gebruik ook dikwels hierdie oorredende tegniek om produkte te adverteer wat tot voordeel van geliefdes sal strek.



[Bron: *Huisgenoot*, 12 Junie 2018]

Ontdek

Hierdie woord in ’n advertensie skep ’n verwagting by potensiële kopers. Dit hou vir die koper die belofte van ‘n lekker koopervaring in. As jy die verpakking verwyder, gaan jy ’n wonderlike produk ontdek. Die woord ‘ontdek’ suggereer opwinding en avontuur.



[Bron: *Kook en kuier*, Julie 2018]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Waarborg

Hierdie woord is soos ’n valnet of ’n buffer. Dit impliseer beskerming of beskutting teen ’n produk van minderwaardige gehalte. Die aantal kere wat hierdie woord in een advertensie gebruik word, gee aan ’n koper die boodskap dat hy die produk met groot vertroue kan koop. Vir advertensiedoeleindes is die woord ‘waarborg’ gelykstaande aan ’n belofte. Die verbruiker heg besondere waarde aan die woord. *Ons bied ’n geldterug-waarborg indien u nie een honderd persent tevrede met die produk is nie.*



[Bron: *Kook en kuier,* Augustus 2018]

Gesondheid

Hierdie tegniek is veral treffend wanneer daar na ’n produk verwys word en nie net wanneer fisiese gesondheid bespreek word nie. Die mees algemene voorbeeld is miskien: *Verbeter jou finansiële gesondheid*. Hierdie voorbeeld is geslaagd omdat almal weet wat dit beteken om gesond te wees.



[Bron: *Tv-plus*, 15 Augustus 2018]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Resultate

'Resultate' is een van die woorde wat baie in advertensie-opskrifte gebruik word, want dit impliseer sukses. Dit bevat ook die suggestie van 'n belofte. Kopers bring die woord in berekening as hulle die aankoop van 'n produk wil rasionaliseer. *As hierdie produk resultate waarborg, moet dit die moeite werd wees om te koop.*



[Bron: *Huisgenoot*, 26 Julie 2018]

Jy/Jou

Jy/Jou is die kragtigste woorde in enige advertensie. Dit spreek die potensiële koper direk aan. Dit voel dus vir hom/haar of die adverteerder net met hom as koper praat. Die koper voel hy of sy word as belangrik geag. As die volgende woorde in 'n advertensie gebruik word, sal dit onmiddellik die leser se aandag trek: *Ons produk sal jou vetrolletjies vinnig laat wegsmelt.*



[Bron: *Tuis*, Augustus 2018]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Assosiasie

'n Produk, diens of idee word verbind aan iets waarvan die teikengroep alreeds hou of wat hulle begeer, soos pret, plesier, skoonheid, sekuriteit, intimiteit, sukses, welvaart, ens. Voorbeelde:

familie = Coke; oorwinning = Nike (Nike se kontrakte met bekende atlete is welbekend).



[Bron: *Huisgenoot*,Februarie 2019]

Endossement/Getuigskrif

Gewilde en bekende figure soos vermaaklikheidsterre word gebruik om die produk, diens of saak te onderskryf, bv. vermaaklikheidsterre met pragtige velle word gebruik om gesigprodukte te onderskryf en te ondersteun.



[Bron: *Weg*, Februarie 2019]

Want almal begeer die produk

Probeer die teikengroep oortuig dat 'n produk goed is omdat *almal* dit wil hê. Daar word aanspraak gemaak op die behoefte van die individu om deel van die groep te wees. *Huisvrouens regoor Suid-Afrika skakel daagliks oor na die nuwe waspoeier.*

Aanspraak op gesag

Kundiges se goedkeuring van 'n produk of diens word ingespan om die publiek te oorreed om dit te koop. Dit verleen geloofwaardigheid aan die produk of diens. *Tandartse gebruik by hulle eie huise die nuwe Colgate-tandepasta.*

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aanspraak op emosies Koerante en ander tydskrifte gebruik emosiebelaaide taal en beelde. Dit adverteer dikwels produkte/sosio-ekonomiese sake waartoe mense emosioneel sterk aangetrokke voel	 [Bron: *Kook en kuier*, Augustus 2018]
Aanspraak op die etiese Die posisie van die skrywer of spreker word gesien as iemand met 'n sin vir waardes, goeie morele karakter en goeie intensies, bv. 'n politieke kandidaat wat sê dat hy weier om die slegte van sy opponente te sê en hom daarop roem om eerder op belangrike sake te fokus.	[Bron: Verwerk uit *Google ads]* 

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aanspraak op logika

Verskaf rasionele argumente ter ondersteuning van ’n aanname deur feite, getalle en statistieke te gebruik. Feite word byvoorbeeld verskaf as deel van ’n veldtog om noodlottige ongelukke te voorkom, byvoorbeeld “*Dit kan wag” (Om die stuur van teksboodskappe terwyl jy bestuur, te bekamp).*



[Bron: Rooi Rose, Februarie, 2019]

Simbole

Simbole verwys na alledaagse voorwerpe wat met ’n dieper betekenis gelaai word. Die doel van simboliek is om ’n belangrike en emosionele boodskap oor te dra. Simbole word in verband gebring met gesinslewe, politiek, godsdiens, geslag en leefstyl.

Mense wat ander wil oortuig, gebruik die krag van simboliek om hul saak te versterk.



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Sensualiteit

Advertensies gebruik dikwels mense met 'n aantreklike en smeulende voorkoms om produkte te verkoop. *'n Aantreklike man demonstreer 'n Gilette-skeermes. 'n Vrou met 'n vietse lyfie word gebruik om oefenklere vir 'n spesifieke vervaardiger te adverteer.*



[Bron: *Kuier*, Februarie 2019]

Snobistiese indruk

Hierdie advertensietegniek fokus op mense se behoefte om 'n weelderige leefstyl te handhaaf en om luuks te leef. *Ons bied* 'n *verskeidenheid dekadente sjokolade en smul-lekkernye. Ons bied alles om jou Valentynsdag spesiaal te maak. Gee 'n geskenk wat die hart sal steel. Kies uit 'n wye verskeidenheid bederfsjokolade.*



[Bron: *Tuis*, Augustus 2018]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Omkopery

Hierdie manipulerende tegniek streef daarna om ons te oorreed om ’n produk te koop met die belofte van afslag of ’n gratis geskenk of selfs ietsie ekstra. Uitverkopings, spesiale aanbiedings en kompetisies is voorbeelde van omkopery. *Plaas jou kasregisterstrokie in ’n houer en as jou strokie getrek word, wen jy ’n motor.*



[Bron: *Kuier en kook*, Augustus 2018]

Vooroordeel

verwys na eensydige sienings/menings van die adverteerder en kan die leser se oordeel vertroebel. Slegs een kant van ‘n saak word gestel.

Byvoorbeeld: *Dit is nie skoon as dit nie Harpic-skoon is nie.*



[Bron: *Rooi Rose*, Februarie 2019]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Eksplisiete aannames

Iets is 'eksplisiet' indien dit direk, ten volle en/of duidelik uitgedruk of gedemonstreer word. Sommige advertensies noem byvoorbeeld die prys van die produk, die hoofbestanddele, waar dit vervaardig is, of die aantal items in die verpakking – dit is eksplisiete aannames. Ander voorbeelde is spesifieke, meetbare beloftes oor gehalte, doeltreffendheid, beskikbaarheid of betroubaarheid, bv. *Resultate binne net vyf minute!*



[Bron: *Huisgenoot*, 12 Augustus 2018]

Vrees

Hierdie strategie staan in kontras met die tegniek van positiewe assosiasie. Die teikengroep se vrees/bekommernis dat iets slegs kan gebeur, word uitgebuit. Politici, adverteerders en aktivistiese groepe wakker ons vrese aan om voordeel vir hulleself te bewerkstellig. *Navorsing het bewys dat ons produkte, anders as soortgelyke produkte, veilig vir kleuters is. Dit hou geen brandgevaar in nie.*



[Bron: *Huisgenoot*, 12 Julie 2018]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Humor en woordspeling


Menige advertensie bevat humor, want dit trek dadelik die leser se aandag. Dit is 'n slim en subtiele oorredingstegniek. Die meeste mense vind aanklank by *'n* advertensie met 'n humoristiese inslag. *Koop jou kombers nou – of slaap koud!*



[Bron: *Kook en kuier*, Augustus 2018]

Intensiteit

Advertensietaal wemel van woorde wat intensiteit kommunikeer, byvoorbeeld, *die grootste luidsprekers, die beste materiaal, die vinnigste resultate, laagste pryse.* Dit bevat ook woorde soos *meer, beter as, verbeterde, verhoogde* en *die minste.* Hiperbole soos *ongelooflik* en *vir altyd* is nóg voorbeelde van intensiteit.



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 15 Oktober 2015]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Die gewone man

Hierdie tegniek is effektief, want die gewone man op straat besit meer geloofwaardigheid as iemand wat baie ryk is. Die publiek identifiseer makliker met gewone mense wat produkte adverteer omdat hierdie produkte op gereelde basis in die meeste huishoudings gebruik word. Waspoeier-advertensies gebruik bv. doodgewone huisvrouens.



[www.vodacom.co.za]

Warm en snoesig

Hierdie tegniek maak van sentimentele of soetsappige beelde gebruik, soos die gesin, kinders en diere, om die idee van beskutting, beskerming, omgee en tevredenheid te ontlok.



[Bron: *Huisgenoot*, 5 Junie 2018]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Die Groot Leuen

Die Groot Leuen behels meer as net oordrywing; 'n totale onwaarheid word met soveel oortuiging en charisma vertel dat mense dit glo. Om *Die Groot Leuen* uit te ken, moet jy anders dink en vrae stel wat ander mense nie sal stel nie.



[Bron: *Huisgenoot*, 26 Julie 2018]

Charisma of iemand wat buitengewoon gewild is

Mense wat buitengewoon gewild is, het baie oorredingskrag en dra 'n boodskap met oortuigingskrag en selfvertroue oor. Mense is dikwels geneig om charismatiese leiers te volg al stem hulle nie met al hul beskouinge saam nie. Die charisma wat hierdie leiers uitstraal, trek mense soos 'n magneet.

Vleitaal

Vleitaal tref die kol, want almal voel goed as hulle gekomplimenteer word.

Jy weet wat jy wil hê, koop dit!

Jy sal baie in jou skik met jou keuse wees.

Jy is 'n kenner op die terrein.

Jy werk hard, jy verdien 'n ruskansie.

Jy verdien net die beste.



[Bron: *Huisgenoot*, 12 Julie 2018]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Veralgemening

Dit behels die gebruik van sogenaamde 'goeie' woorde soos *enigste, enige, altyd, dikwels, gereeld, aanhoudend,* ens.



[Bron: *Huisgenoot*, 5 Julie 2018]

Slegsê

Hierdie tegniek verbind 'n persoon of idee met 'n negatiewe simbool, bv. 'n leuenaar, sleg, skinderbek, passief, lui, opdringerig, ens.

Dit het ten doel om die teenoorgestelde van **veralgemening** te wees.

Nuut

'Nuut' is 'n baie magtige woord wat gereeld in advertensies en promosies amper op 'n daaglikse basis verskyn. Mense wil dikwels die eienaars van die nuutste produk op die mark wees.



[Bron: *Kook en kuier*, Augustus 2018]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Nostalgie of die goeie ou tyd

Baie adverteerders verwys implisiet na 'n vroeër tyd toe die lewe minder gekompliseerd en meer kwaliteitgedrewe was. *Soos Ma dit altyd gebak het.*



[Bron: *Weg*, Februarie 2019]

Wetenskaplike bewyse

Voorbeelde daarvan sluit die volgende in: diagramme, grafieke, statistiek, ens. Die doel van wetenskaplike bewyse is om die geloofwaardigheid van 'n produk te versterk.



[Bron: Verwerk uit *Google Prente*]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Eenvoudige oplossings/

probleemoplossing

Oorreders bied eenvoudige oplossings vir ons probleme, byvoorbeeld 'n laer belastingkoers, nuwe wetgewing en die inwerkingstelling van regeringsprogramme.



[Bron: *Tv-plus*, 15 Augustus 2018]

Weglating van inligting

Kennis ten einde 'n ingeligte besluit te neem, word dikwels weggelaat. Adverteerders kies inligting wat hul standpunt en produk/diens ondersteun. Inligting wat teenoorgestelde waarhede verkondig, word weggelaat. 'n Koerant plaas byvoorbeeld 'n groot foto van 'n glimlaggende verteenwoordiger van 'n organisasie wat hulle goedgesind is of 'n heelwat kleiner foto van 'n persoon teenoor wie hulle afwysend staan.



[Bron: *Weg*, Februarie 2019]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Die mag van vergelyking

Gelyksoortige produkte word met mekaar vergelyk en kan help met besluitneming. *Hierdie pasteideeg sal nooit flop nie.*



[Bron:*Rooi Rose*, Februarie 2019]

Oorsaak en vergelyking

Omdat kopieskrywers weet dat ware oorsake en gevolge belangrik is, flous hulle soms die teikengehoor deur doelbewus 'n vergelyking met oorsaak te verwar.

Doelbewuste ontkenning

Hierdie tegniek word aangewend om die aanvaarding van verantwoordelikheid vir ongewilde en kontroversiële kwessies te systap. Dit kan direk of indirek verwoord word.

'n Politikus maak die opmerking: "Ek sal nie my teenstander se huweliksprobleme ter sprake bring nie." Met hierdie opmerking vestig hy juis die aandag op sy teenstander se huweliksprobleme sonder om kras te klink.

Die sondebok

'n Persoon, groep, ras en dikwels ook 'n godsdienstige groep kry dikwels die blaam vir 'n probleem. Hulle word as sondebok gebrandmerk. Hierdie strategie word veral in politieke toesprake, asook in topbesture van maatskappye gebruik. *Die direksie moet verantwoording doen oor al die geld wat vermors is.*

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Die aflei van aandag

Hierdie tegniek lei ons aandag af van die probleem of kwessie deur ’n ander saak te opper wat die adverteerder ’n beter kans bied om ons te oortuig. Die aflei van aandag word dikwels gebruik om dié deel van ’n storie wat nie vertel word nie, te verbloem.



[Bron: *Rooi Rose*, Februarie 2019]

Die strooiman

Hierdie tegniek skep ’n onlogiese of ’n verwronge idee en bied dit aan as iets wat jou teenstander ondersteun of verteenwoordig. Om die strooiman uit te slaan is makliker as om die teenstander direk te konfronteer.

Iets vir niks

Dit behels die oortuiging dat die meeste mense ’n goeie aankoop wil doen of iets vir niks wil koop.

Byvoorbeeld: *As jy hierdie rekenaar koop, kry jy ’n drukker gratis.*



[Bron: *Huisgenoot*, 29 Julie 2018]


Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

'n Gees van dringendheid Skep die indruk dat vinnige optrede vereis word. *Bestel nou! Voorraad is beperk! Alles moet verkoop word!*	 [Bron: *Huisgenoot*, 19 Julie 2018]
Belofte van gerieflikheid/gemaksugtigheid Adverteerders probeer dikwels om 'n boodskap te skep dat hulle produkte maklik bekombaar/beskikbaar is.	 [Bron: *Tuis,* Julie 2018]

Aktiwiteit 6 - Lees en Kyk

Lees die onderstaande teks. Identifiseer en verduidelik die oorredingstegnieke. Verduidelik ook watter effek die tegnieke op die teikengehoor het.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za



[Bron: *Google Prente*]

Hoe om jou metabolisme met 242 kalorieë te versnel

Ons weet dat oefening gesond is vir ons – veral as dit jou metabolisme met 242 kalorieë versnel.

(Later meer hieroor.) Maar daar is talle redes om 'n sessie in die gimnasium te vermy. Eerstens is dit baie tydrowend om in verkeersknope op pad na of terug van die gimnasium vasgevang te word. Tweedens kan dit 'n verleentheid skep as jy sonder 'n plan van aksie gimnasium toe gaan. En derdens, dit staan soos 'n paal bo water: die meeste oefenprogramme werk nie vir jou nie. Jy het in elk geval al so baie op die proef gestel. Maar daar is 'n SPLINTERNUWE manier om vet te verbrand (in die gerief van jou huis) wat jy waarskynlik nog nooit op die proef gestel het nie. Ek sal jou ten sterkste aanraai om dié nuwe manier te probeer. Hier volg 'n eenvoudige oefeninkie wat jy moet doen. Dis pret, dis vinnig, en jy hoef nie die gimnasium te besoek of duur kardo-vaskulêre toerusting aan te skaf wat jou hele huis vol staan nie. Plus, jy het baie keuses! Jy hoef dus nie dieselfde vervelige oefeninge oor en oor te doen nie. Ek het reeds 'n hele paar sessies agter die rug. Vir iemand wat nie daarvan hou om na 'n gimnasium toe te gaan of om duur lidmaatskapfooie te betaal nie, is dit die IDEALE oplossing. Die oefenplan laat jou toe om by die huis te oefen en jy verbrand tot 242 kalorieë per dag – danksy die unieke en prettige sessies wat jou metabolisme stimuleer. Dis ongelooflik! Navorsingsresultate wat in die jongste uitgawe van Men's Health tydskrif verskyn, bewys dat hierdie oefenplan selfs lank na afloop van 'n sessie kalorieë verbrand! Dit beteken jy verloor elke maand 'n ekstra paar kilogramme vet – slegs deur jou rustende metabolisme op te jaag. Boonop sal jy dubbeld soveel kalorieë verbrand terwyl jy hierdie eenvoudige oefeninge by jou huis doen. Glo my, jou mislukte oefenprogramme van die verlede kan toegeskryf word aan die feit dat jy nog nie hierdie program op die proef gestel het nie.

Soek bewyse in die teks van die oorredingstegnieke waarna in kolom een verwys word.

KOLOM 1	**KOLOM 2**
Oorredingstegniek	**Voorbeeld van woorde/frases**
Eksplisiete aansprake	
Wetenskaplike bewyse	
Taal wat intensiteit weergee	
'n Belofte van oplossings vir probleme	
Alledaagse woorde met 'n gelade betekenis	
Kragtige woorde/woorde met slaankrag	

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aktiwiteit 7 - Advertensie



Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Vrae :

7.1 Noem minstens twee teikengroepe van hierdie advertensie. (2)

7.2 Watter woord in die advertensie verwys na die persoon wat die volstruisvleis gaan koop? (1)

7.3 Watter tegnieke word gebruik om die leser se aandag te trek? Noem TWEE tegnieke. (2)

7.4 Waarna verwys die woorde “wit” en “rooi”? (2)

7.5 Hoe skakel die foto’s met die getikte teks? (2)

7.6 Die advertensie maak van sintuiglike ervarings gebruik om jou te betrek. Verduidelik. (2)

7.7 Waarom, volgens die advertensie, sal volstruisvleis jou gesondheid bevoordeel? (2)

7.8 Wat word bedoel met :

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

7.8.1 Die hart van die partytjie

7.8.2 Die “bloubloed” van die vleis-familie

7.8.3 Raak kêns …

7.8.4 Skud nou jou feesvere reg! 1 x 4 (4)

7.9 Deur watter woorde/grafika word die leser by uitstek gemanipuleer? (2)

7.10 In die advertensie word direk na die Klein Karoo Nasionale Kunstefees verwys.

Bewys hierdie stelling deur na die advertensie te verwys. (1)

7.11 Dink jy dis ’n geslaagde advertensie? Motiveer. (1)

Aktiwiteit 8 - Skryf en Aanbied (Advertensie)

Jy is van plan om jou tweedehandse selfoon te verkoop. Ontwerp ’n advertensie wat jy in ’n koerant of op die internet kan plaas waarin jy oorredende taal volgens die ABBA-beginsel gebruik om moontlike kopers te lok.

3.3 Partydigheid

Partydigheid kan gedefinieer word as ’n opinie oor of iets goed of sleg is en wat bepaal hoe jy dit hanteer; ’n geneigdheid om op ’n sekere manier te dink, op te tree of te reageer wat op ’n sienswyse, ideologie, opinie of begrip gebaseer is.

3.3.1 Kenmerke van partydigheid

- Partydigheid is ’n mening oor of iets goed of sleg is en dit beïnvloed hoe jy dit hanteer. Partydigheid beteken om iemand negatief te behandel as gevolg van ’n werklike of verbeelde ouderdom, geloofsoortuiging, gestremdheid, etnisiteit of nasionaliteit, geslag, huwelikstatus, politieke of sosiale affiliasie, ras, seksuele oriëntasie, ens.
- Sommige voorbeelde van partydige insidente sluit in: om grappe te vertel, om mense skeldname te noem, stereotipering; graffiti wat aanstoot gee, om mense te vermy of uit te sluit, ens.
- Partydigheid kan tot sosiale ongelykhede en diskriminasie aanleiding gee.
- Die woordkeuse wat ons gebruik en ons vertolking van beelde/prente en statistiek bied insig tot ons perspektief of partydigheid, of ons wêreldbeskouing, bv. in die gebruik van die volgende woorde: *Vryheidsvegter of terroris?*; *Onwettige immigrant of asielsoeker?*.

3.3.2 Soorte partydigheid in die media

Partydigheid in die media verwys na die partydigheid van joernaliste en nuusvervaardigers ten opsigte van ’n spesifieke saak in massamedia. Gevolglik is dit duidelik dat mediadekking deur die joernaliste nie altyd objektief is nie, omdat hul selektief is in die aanbieding van spesifieke gebeure en stories – gewoonlik om hul eie standpunte te staaf.

Die volgende soorte partydigheid kan in die media geïdentifiseer word:

- **Partydigheid deur seleksie en weglating**
  - Hier word verwys na wanneer sekere stories en gebeure of perspektiewe ingesluit of uitgesluit word.
  - Die seleksie mag gedrewe word deur die ideologieë van diegene wat in beheer van nuusproduksie is.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- ’n Joernalis kan bv. een kant van die saak heeltemal weglaat in die artikel, of reeks artikels oor ’n periode van tyd. Partydigheid deur weglating kan binne ’n storie voorkom, of oor die langtermyn wanneer ’n nuusagentskap byvoorbeeld verslag doen oor een stel gebeure, maar nie oor ’n ander nie. Dit wat die media insluit, beklemtoon of uitsluit, beïnvloed hoe ons interpreteer wat berig word.

- Vir elke nuusgebeure wat geselekteer word, is daar baie ander wat uitgesluit word.

- Toon die nuusgebeure wat jy sien ’n gebalanseerde standpunt op die realiteit?

- Wat is die karaktereienkappe wat hulle in gemeen het? (bv. handel dit meestal oor geweld, bekende mense, weelde?)

- Sluit sommige nuusagentskappe soms items in wat deur ander geïgnoreer word?

- **Partydigheid deur etikettering**

Dit verwys na die manier waarop ’n indiwidu, groep of organisasie uitgesonder en geëtiketteer word. Partydigheid deur etikettering kom in die volgende twee vorme voor:

- Eerstens is die fokus op sekere groepe met ekstreme onderskeiding, terwyl ander groepe glad nie onderskei word nie of net matig onderskei word.

- Tweedens gebeur dit as a joernalis ’n persoon of groep in ’n positiewe lig stel, bv. as ’n *kenner* of *onafhanklike* verbruikersgroepe.

  Sportjoernaliste is dikwels partydig wanneer hulle iets soos die volgende sou skryf: *Die verwoede Cheetahs vermorsel die hulpelose Blou Bulle op Loftus.* Sodoende skep die joernalis ’n mate van belangrikheid of outoriteit wat die persoon of groep nie verdien nie.

- **Partydigheid deur invalshoek**

Partydigheid deur invalshoek gebeur wanneer die storie slegs een interpretasie van die gebeure of beleid gee, en ander interpretasies uitsluit. Invalshoek het te doen met die toon waarmee daar gerapporteer word – dit is die joernalis se subjektiewe kommentaar oor objektiewe feite; dit laat een individu se ideologiese perspektiewe beter as ’n ander s’n lyk. ’n Politikus se ‘kampanjebestuurder’ word soms ’n *beeldpoetser* genoem.

- **Partydigheid deur beklemtoning**

Dit gebeur as sekere stories altyd die hoofopskrifte domineer. Dit kan die leser beïnvloed ten opsigte van die belangrikheid van die saak wat benadruk word.

Die volgende vrae kan leiding verskaf oor hoe partydigheid deur beklemtoning die leser kan beïnvloed:

- Watter stories is groot op die voorblad en kan beskou word as die storie van die dag/uur?

- Watter stories kry die grootste koerantopskrifte of die eerste en langste dekking op TV en die radio?

- Neem in ag hoe die plasing van hierdie stories mense se oordeel van wat belangrik is, beïnvloed.

- **Partydigheid deur die hoofopskrif**

Sommige hoofopskrifte kan misleidend wees, aangesien die hoofdoel daarvan is om die aandag daarmee aan te gryp. Baie mense lees slegs hoofopskrifte, wat vir hulle ’n verwronge idee gee van wat werklik aan die gang is. Dit kan ook ‘n onbelangrike gebeurtenis verander in ’n sensasionele gebeurtenis.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Voorbeelde:

- "'n Doodskoot vir ongetoetste middels?"
- "Sinkgat in Centurion gedeeltelik herstel"
- "Obama keer terug na Kenya"

- **Partydigheid deur herhaling**

Die herhaling van 'n spesifieke gebeurtenis of idee kan mense mislei om te dink dat dit waar is, of dat dit baie groter in omvang is as wat dit werklik is.

- **Partydigheid deur statistieke en skaretellings**

Onvolledige, onakkurate of selektiewe gebruik van statistieke gee aanleiding tot partydigheid. Statistieke behoort geïnterpreteer te word; tog word dit dikwels gebruik om vals indrukke te skep. Watter statistieke uit die volgende verklarings sal jy gebruik om iemand te oortuig dat die doodstraf 'n goeie idee is?

- "Amper 30% van diegene wat aan die opname deelgeneem het, ondersteun die doodstraf."
- "Meer as 70% van diegene wat aan die opname deelgeneem het, is teen die doodstraf gekant."

3.4 Stereotipering

Stereotipering verwys na 'n gevestigde (dikwels verdraaide) siening oor 'n persoon (bv. 'n vrou, 'n vreemdeling, 'n sekere rassegroep); 'n gevestigde algemene siening van die rol wat 'n sekere persoon kan speel; 'n oordrewe oortuiging, beeld of verwronge waarheid oor 'n persoon of groep – 'n veralgemening wat min of geen individuele verskille of sosiale variasie toelaat nie.

Soorte stereotipering

- **Stereotipering ten opsigte van geslag**

Stereotipering ten opsigte van geslag is 'n algemene verskynsel. Veralgemenings wat op geslag gebaseer is, is die verdraaiing van dit wat verwag word van individue in geslagsgroepe. Indien jy byvoorbeeld sou sê dat vrouens se plek net in die kombuis is en dat mans ongemanierd is, stereotipeer jy alle mans en vrouens. Dit is ook nie waar om aan te neem dat alle mans beter bestuurders as vrouens is nie; ook nie dat alle vrouens beter onderwysers as mans is nie.

Nog voorbeelde van stereotipering ten opsigte van geslag is die volgende:

- Mans is sterk en doen al die werk.
- Vroue is nie so slim soos mans nie.
- Vroue is baie meer emosioneel as mans.
- Vroue is swak jagters.

- **Stereotipes ten opsigte van groepe en individue**

Die volgende voorbeelde demonstreer stereotipering t.o.v. groepe:

- Vroue moet die kinders grootmaak en mans is die broodwinners.
- Vroue is altyd slank en verfynd, terwyl mans altyd gespierd en grof moet wees.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Meisies is altyd gesteld op hulle persoonlike voorkoms.
- Blondines is dom.
- Bibliotekaresses is oujongnooiens.
- Politici is oneerlik.
- Alle kinders eet nie gesonde kos nie.

- **Stereotipes ten opsigte van persoonlike voorkoms**
  - Oorgewig persone is slodderkouse en dikwels lui.
  - Mense wat uitermate maer is, ly aan 'n eetversteuring.
  - Niksnutte het vreemde haarstyle.
  - Mense met tatoeëermerke is verslaaf aan dwelms.

- **Stereotipering ten opsigte van kulture**

  Stereotipes bestaan oor kulture en lande in geheel. Byvoorbeeld:
  - Franse is baie humeurige mense.
  - Alle Indiërs is versot op kerrie.
  - Die Italianers en Franse is die mees romantiese mense.
  - Alle Asiërs is goed met Wiskunde.

Aktiwiteit 9

Daar is baie woorde of begrippe in Afrikaans wat gereeld gebruik word wanneer iemand in gewone gesprekke byvoorbeeld oor vroue, mans en selfs kinders praat. Die manier waarop ons in die algemeen oor mense praat, lei daartoe dat ons 'n sekere "prentjie" van mense skep. Vroue word byvoorbeeld dikwels met die woord "skinder" gestereotipeer wanneer hulle in groepe bymekaar is, terwyl mans wat om 'n braaivleisvuur staan, net "gesels".

OOR MANS	OOR VROUE

Kategoriseer die volgende lys woorde volgens woorde wat stereotipies by mans en vroue pas deur die woorde in die gepaste kolomme te plaas: **Pragtig; sterk; betroubaar; simpel; volwasse; skinder; grof; mooi; ambisieus; sportief; entoesiasties; kreatief; ernstig; giggel; versigtig; opwindend; liefdevol; roekeloos.**

Bespreek dit later met jou maats en verduidelik jou keuse en veral hoe dit die betekenis van die woorde verander. Probeer ook om die volgende vrae te beantwoord:

- Hoe laat die stereotipes soos deur verskillende leerders in die klas aangedui, jou voel?

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Wat let jy op ten opsigte van die stereotipes op die lys?
- Waar sien jy hierdie stereotipes uitgebeeld? Was dit op televisieprogramme, in 'n fliek? Tydskrifte of boeke?
- Hoe, dink jy, sal stereotipes veroorsaak dat iemand onregverdig teenoor 'n ander persoon optree?

Aktiwiteit 10

Skryf en aanbied

Skryf in jou werkboek oor 'n persoonlike ondervinding waarvan jy kennis dra waar stereotipering jou of iemand anders benadeel het.

Klasbespreking

Gebruik die volgende idees in jul gesprekke oor jou ondervinding.

- Was jy self 'n slagoffer van stereotipering of ken jy iemand anders wat 'n slagoffer was?
- Was hierdie stereotipering gebaseer op geslag, velkleur, ouderdom?
- Hoe het stereotipering die persoon se lewe beïnvloed?
- Hoe het die persoon opgetree teenoor die mense wat hom/haar gestereotipeer het?
- Watter lewenslesse kan jy hieruit geleer?

Aktiwiteit 11

- Skryf die volgende woorde op die bord:
  - 'n plaasarbeider
  - 'n oumensie
  - 'n bedelaar
  - 'n tiener wat ongedissiplineerd is
  - 'n meisie wat kort rokkies dra
  - 'n seun wat net swart klere dra
- Leerders kry opdrag om by elkeen soveel as moontlik stereotipes neer te skryf.
- Leerders moet hierna in groepsverband die volgende sake bespreek:
  - In watter opsigte hulle stereotiperings ooreenstem en verskil.
  - Watter van hierdie persone het hulle negatief beskryf en watter positief? Verskaf 'n verduideliking vir antwoorde.

Na voltooiing van die opdrag gee leerders terugvoer.

3.5 Vooroordeel

Vooroordeel verwys na die onverdraagsaamheid teenoor of die vooraf oordeel van 'n individu, 'n groep of 'n kwessie wat op valse, onbuigsame veralgemenings gegrond is; 'n voorafgevormde opinie (gewoonlik ongunstig) wat op geb-

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

rekkige kennis, irrasionele gevoelens of onakkurate stereotipes gebaseer is. Om bevooroordeeld te wees, beteken om 'n mening oor iemand of iets te hê wat nie op feite gebaseer is nie. Ons kry vooroordele oor verskeie sake, bv. godsdiens, etnisiteit, kleur, geslag, taal, gestremdheid, ouderdom, geboorteland, geskiedenis, woonplek, ens. 'n Vooroordeel kan positief of negatief wees.

Die taal van vooroordeel

Vooroordeel kan in die volgende voorbeelde geïdentifiseer word:

- Frases met betrekking tot kleur: *Wit is suiwer – swart is euwel.*
- Getuienis, pogings om 'n gebrek aan vooroordeel te bewys: "Ek is nie rassisties/seksisties nie."
- Afbrekende opmerkings, om ander sleg te sê om vertroue te wen: *Jongmense is roekeloos*.
    - Stereotiperende taal, deur groepe te kategoriseer: *Huurmotorbestuurders bestuur sleg.*
    - Karikatisering deur een kenmerkende karakter bo die ander te oorbeklemtoon.
    - Etniese grappe: minderheidsgroepe loop veral hieronder deur.
    - Glipsies: Iets is veronderstel om per ongeluk gesê te wees.
    - Doelbewuste beledigende opmerkings.

3.6 Diskriminasie

Diskriminasie behels die optrede deur lede van dominante groepe wat 'n nadelige invloed op lede van ondergeskikte groepe het. Dit is gedrag waarvolgens mense verskillend (ongelyk) hanteer word vanweë die groep waaraan hulle behoort. Diskriminerende gedrag (vanaf snedige aanmerkings tot misdaad wat uit haat ontstaan) begin dikwels by negatiewe stereotipes en vooroordele.

Diskriminasie ten opsigte van die volgende kom gereeld in ons samelewing voor:

- ras – "Jy kan nie in die pos aangestel word nie omdat jou velkleur nie reg is nie."
- taal – "Hierdie taal kan nie meer in skole as onderrigtaal gebruik word nie."
- geslag – "Vroue sal nooit hierdie groot stuk masjinerie kan hanteer nie."
- sosiale stand – "Jy is mos daardie lae klas-outjie wat uit die onderdorp kom, nè?"
- liggaamlike gebreke – "Jy sal nie hier kan werk nie omdat jy nie trappe sal kan baasraak nie."
- ouderdom – "Daardie outoppie sal nie verstaan waarom *Facebook* so belangrik is nie."

Diskriminasie het gewoonlik die volgende effek:

- Mense se waardigheid word aangetas.
- Mense voel dikwels minderwaardig wanneer daar teen hulle gediskrimineer word.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Mense word van hulle selfvertroue ontneem en sukkel derhalwe om bo hulle omstandighede uit te styg.


Aktiwiteit 12

Groepwerk

- Hoe voel dit as daar teen jou gediskrimineer word?
- Hoe voel dit as jy teen iemand diskrimineer?
- Hoekom wil mense beheer uitoefen oor enige persoon van 'n groep?

Verrykingswerk

- Identifiseer partydigheid, stereotipering, diskriminasie en vooroordeel deur verskillende tekste uit koerante, tydskrifte en selfs in televisieprogramme te raadpleeg.
- Probeer vasstel hoekom die skrywers of samestellers van hierdie tekste of programme partydig is en stel vas watter rol oorredende taal in hierdie verband speel.



Aktiwiteit 13 - Lees 'n Tydskrifartikel

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg in groepsverband.

GROOT VERGOEDING NÁ ONREGVERDIGE DISKRIMINASIE
18 Mei 2017
Die vakbond AAB-Saamstaanaksie (AAB-SA) het vandag 'n *reuse bedrag namens twee van sy lede in die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) bekom nadat hulle oor die hoof gesien is vir betrekkings weens die DKD se regstellendeaksiebeleid.*
Volgens Anton Rens, hoof van AAB-SA se Sentrum vir Billike Arbeidspraktyke, het P.L. Marrens en T. B. Matwla elkeen bykans R550 000 as vergoeding ontvang weens onregmatige diskriminasie teen hulle. "Die bedrag is eintlik net 'n *druppel in die emmer as* 'n *mens in ag neem hoeveel emosionele skade hierdie ellendige, dom optrede van die DKD ons lede besorg het, maar AAB-SA is verheug dat hy hierdie saak namens sy twee lede met hand en tand kon beveg", het 'n oorstelpte Rens aan Maroela Media gesê.*

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Volgens hom het hierdie hofsaak gespruit uit die feit dat nie een van die twee mans die kortlys vir die betrokke poste kon behaal nie, ten spyte daarvan dat hulle meer as geskikte kandidate vir die poste was. "Dit kom basies neer op blatante diskriminasie op grond van die lede se ras en geslag. Ons sal dit nie duld nie", het Rens verduidelik.

[Aangepas uit Maroela Media, Mei 2017]

13.1 Watter aspek(te) van Kritiese taalbewustheid kan julle in hierdie teks identifiseer? Motiveer julle antwoorde.

13.2 Wat was die joernalis se ingesteldheid teenoor die DKD (hoe het hy/sy oor die DKD gevoel) toe hierdie artikel geskryf is?

13.3 Was die boodskap eensydig (is net een kant van die saak gestel) of is die standpunte van ander rolspelers ook ingesluit?

13.4 Watter emotiewe taal het die skrywer gebruik om sy of haar ingesteldheid (gevoel) teenoor die DKD te ondersteun?

13.5 Noem 'n paar van die gevolge wat die genoemde antwoord by vraag 1 op die twee lede kon gehad het.

13.6 Lug 'n mening oor hoe hierdie hofsaak en die gevolglike boete vir die DKD verhoed (gekeer) kon word.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Hoofstuk 4: Feite en Menings

KABV VEREISTES
Luister en Praat: Onderskei tussen feite en menings
Lees en Kyk: Verskaf feite en druk menings uit

Dit is somtyds moeilik om die verskil te bepaal tussen 'n sin wat 'n feit is en 'n sin wat 'n mening bevat.

Feite

- 'n FEIT kan as waar of vals bewys word.
- Om te bepaal of 'n sin 'n feit is, moet daar bewyse vir die stelling in die sin wees.

  Byvoorbeeld: *Hase **is** soogdiere.*
- Jy kan in 'n woordeboek of ensiklopedie kyk en bewys vind dat die stelling waar is.

Menings

- 'n MENING is 'n stelling wat nie bewys kan word nie.
- Dit is wat iemand glo. 'n Mening is iemand se gevoelens oor 'n spesifieke onderwerp.
- Menings is debatteerbaar.
- Menings kan deur feite ondersteun word.

  Byvoorbeeld: *Bruin is die beste kleur vir 'n hond.* Kan dit bewys word? NEE, dit is 'n mening.
- Baie wat ons lees of na kyk, is 'n mengsel van feit en mening. Om tussen 'n feit en 'n mening te kan onderskei, is baie belangrik in die evaluering van tekste en om oortuigende argumente te ontwikkel.

Aktiwiteit 14

Bepaal watter sinne 'n feit is en watter sinne 'n mening is:

		FEIT	MENING
Sondag is die beste dag van die week.			
Jeugdag is die belangrikste vakansiedag van die jaar.			
Paasfees word in die Herfs gevier.			
April is 'n maand met 30 dae.			
Daar is 12 maande in 'n jaar.			
Hierdie was 'n verskriklike week.			
Lente is die mooiste seisoen van almal.			
Elke storie in die media is waar.			
Maandag, Woensdag en Vrydag is dae van die week.			
Op die eerste dag van die skooljaar is mens maar skrikkerig.			
Elkeen behoort 'n Valentynskaart te maak.			
Jou verjaarsdag kom net eenkeer 'n jaar.			

[Bron: *Aangepas uit Super Teacher Worksheets - www.superteacherworksheets.com*]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aktiwiteit 15

Lees die aangepaste dele uit die onderstaande verslag en artikels en skryf die menings en feite in die teks neer. Identifiseer ook in elke teks 'n feit wat 'n mening ondersteun.

Verslag

Droogte sal Suid-Afrika nog vir jare affekteer

Kenners is dit eens dat die droogte Suid-Afrika en die landboubedryf nog jare lank gaan affekteer. Verskeie rolspelers, insluitend staatsbeamptes, weer-, veevoer- en rampbestuurkenners het op 25 Januarie 2017 'n vergadering van Vrystaat Landbou (VL) se Ramp en Noodhulp subkomitee bygewoon.

Hoewel goeie reën gedurende Januarie en aan die einde van Desember 2016 oor groot dele van die provinsie voorgekom het, ervaar talle landbouers in veral die Wes- en Suid-Vrystaat steeds voertekorte. Weiding gaan jare neem om te herstel, wat beteken dat landbouers steeds hul vee moet voer.

[Bron:http://vrystaatlandbou.co.za/vslandbou-media/nuusflitse/946-nuusflits-januarie-2017?showall=&start=5, 2 Februarie 2018]

Berig 1

Blitsvroue slyp vir statebondspele

Die Suid-Afrikaanse vroue-sewesrugbyspan se proeflopie vir April se deelname aan die Statebondspele begin Saterdag in die 7's toernooi in Brisbane , Australië.

Volgens die Blitsbokvroue se nuwe kaptein, Zintle Mpupha, het die veranderinge aan die span se bestuur en leierskap egter nie tot groot veranderinge in hul benadering gelei nie.

Zintle glo hulle het dalk 'n kans om die toernooi te wen. Van haar eie spel sê sy: "Ek dink nie ek hoef veel te verander aan die manier waarop ek gaan speel nie. Veral nie in die naweek se toernooi nie. Ek is opgewonde en kan nie wag vir die toernooi om te begin nie.

Volgens kenners is die Suid-Afrikaanse span tans een van die beste spanne ter wêreld. Na alle waarskynlikheid sal die Blitsbokke binnekort opskuif na die nommer een posisie op die wêreldranglys.

..... [BRON: https://www.netwerk24.com/Sport/Rugby/blitsvroue-slyp-vir-statebondspele, 2Februarie 2018

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Berig 2

Meghan help Harry pryse uitdeel

Deur Arlene Prinsloo, 2 Februarie 2018

Prins Harry se verloofde, Meghan Markle, het Donderdag net soos haar aanstaande skoonsuster, Catherine, ook Alexander McQueen gedra, maar dié keer was dit 'n swart broekpak.

Markle het hemelhoë swart skoene gedra, wat haar treë teen die trappe van die Goldsmith-saal in Londen amper gevaarlik gemaak het. Sy het ook 'n silwerkleurige sambreel in die reën gebruik.

Harry het sy aanstaande bruid saamgeneem na die jaarlikse Endeavour-prysuitdeling. Hierdie pryse word aan gewonde, siek of beseerde lede van die gewapende magte toegeken wat die afgelope jaar uitsonderlike prestasies behaal het.

Meghan het ontspanne voorgekom, maar gereeld haar hare uit haar gesig gevee. Met haar vorige twee openbare verskynings het sy 'n los bolla gedra, maar hierdie keer het sy haar hare los oor haar skouers laat hang. Met sulke openbare verskynings sal dit dalk vir haar beter wees om die hare uit haar gesig te dra.

Meghan se keuse van die swart ontwerpersbroekpak kan wees om nie die kollig by Catherine, hertogin van Cambridge, te steel nie.

Catherine en haar man, prins William, het Donderdagaand 'n ete by die Noorweegse koningsgesin in die koninklike paleis in Oslo bygewoon. Catherine het 'n ongelooflike uitrusting van Alexander McQueen gedra en vorstelik gelyk.

[Bron: https://www.netwerk24.com/Vermaak/Celebs/meghan-help-harry-pryse-uitdeel-20180202,]

Berig 3

Collective Soul glo ons het die gees

deur Seugnet van Zyl, 1 Februarie 2018

Suid-Afrikaners hét die beste gees.

So meen Ed Roland, hoofsanger van die Amerikaanse rockgroep Collective Soul.

Roland sê daar is min plekke in die wêreld wat met die energie en die gees van sy Suid-Afrikaanse aanhangers kan meeding.

Collective Soul werk tans aan hul tiende album. Roland sê hulle het reeds 12 liedjies vir dié dubbelalbum, getiteld Blood, opgeneem.

"Die (dubbel)-album is, veral in vandag se tye, nie meer iets wat gedoen word nie. 'n Dubbelalbum is ook gepas as ons tiende album."

[Bron: https://www.netwerk24.com/Vermaak/Musiek/collective-soul-glo-ons-het-die-gees-20180201]


Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Hoofstuk 5: Afleidings, Aannames, Argumente

5.1 Afleidings

'n Afleiding is 'n logiese gevolgtrekking wat gebaseer word op die basis van bewyse en redenasie. Om af te lei, is om dit wat *tussen* die reëls staan te lees; om 'n oordeel of opinie te vorm uit wat vooraf gegee is of gebeur het; om 'n begrip te vorm uit wat geïmpliseer is; en om die implikasies van wat gesê of geskryf is, te bepaal. As ons afleidings maak, skep ons betekenis wat nie noodwendig eksplisiet in die teks voorkom nie. Ons gebruik leidrade, feite, eie ervaring en voorafkennis om aannames te maak en stel vrae om ons onsekerhede m.b.t. die teks uit die weg te ruim.

Die volgende diagram verwys na strategieë om afleidings te maak:



- **Feitelike Afleidings**

Feitelike afleidings kan met feitelike inligting geverifieer word.

Byvoorbeeld, logiese afleidings kan op grond van die volgende feite gemaak word:

Feit 1: Tydens 'n *jagtog kan 'n leeu 'n topsnelheid van 30 kilometer per uur bereik.*

Feit 2: 'n *Luiperd kan vinniger as 'n leeu hardloop.*

Afleiding/gevolgtrekking: 'n Luiperd kan vinniger as 30 kilometer per uur hardloop.

- **Nie-Feitelike Afleidings**

Ons kan nie-feitelike afleidings maak op grond van nie-feitelike en nie-verbale inligting, soos gesigsuitdrukkings en lyftaal.

Byvoorbeeld: 'n *Onderwyser se frons kan aandui dat 'n leerder sy eie aktiwiteit moet stop en moet fokus op die gegewe aktiwiteit.*

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

5.2 Aannames

- Aannames verwys na ongetoetste oortuigings or na wanneer jy glo iets is waar, maar die bewyse gebrekkig of heeltemal ontbrekend. Aannames vorm deel van ons denksisteme. Ons neem aan ons oortuigings is waar en daarmee interpreteer ons die omringende werklikheid, bv.: *As ons oortuig is dat dit gevaarlik is om laataand in townships rond te loop en ons woon in Soweto, sal ons dus aanneem dat dit te gevaarlik is om laataand daar te gaan wandel.*

Voorbeelde van afleidings en aannames

Persoon Een	Persoon Twee
Situasie: Aan die einde van 'n stel gooi die tennisspeler sy arms in die lug. **Afleiding**: Die tennisspeler het die wedstryd gewen. **Aanname**: Die enigste spelers wat aan die einde feesvier, is diegene wat gewen het.	**Situasie**: Aan die einde van die stel lig die glimlaggende tennisspeler sy arms omhoog. **Afleiding**: Die speler is 'n waardige verloorder. Hy verloor met grasie. **Aanname**: Enigiemand wat sy/haar arms omhoog lig, gee die stryd gewonne.

5.3 Argumente en aansprake

Argumente verwys na 'n rede wat aangevoer word ten gunste van of teen 'n stelling, idee of teorie,

bv. *die aanvoer van argumente om die teenstander te oortuig.* 'n Argument gaan met bewyse en beredenering gepaard voordat 'n opinie geformuleer kan word. Argumente kan drie vorms aanneem: feitelike aannames, menings en idees (insluitend hipoteses en teorieë). 'n Argument behels 'n proses. 'n Standpunt word gestel en moet daarna met logiese denke, voorbeelde en navorsing bewys word.

Voorbeeld van 'n argument

Prokureur: My kliënt was by die stadion toe die geraas aangemeld is. Verskeie ooggetuies het hom daar gesien. Sy kaartjie dien as verdere bewys dat hy die stadion eers verlaat het nadat die geraas aangemeld is. Hy kan dus nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie.

- **Die rol van die gehoor**

Die gehoor speel 'n belangrike rol vir sprekers/skrywer wanneer hulle vir argumente voorberei. Die volgende punte lig die belangrikheid van die gehoor uit:

- Kennis en begrip van jou gehoor speel 'n sleutelrol wanneer jy verskillende tekste produseer,

  veral tekste van 'n oorredende aard.

- 'n Argument veronderstel 'n oop gesprek met jou gehoor. Indien jy 'n argument neerpen, moet jy in gedagte hou dat lesers nie noodwendig dieselfde siening as jy huldig nie.

- Gehoorbetrokkenheid is essensieel vir suksesvolle oorreding en argumentering.

  ✓ Ken en verstaan jou gehoor.

  ✓ Wat is hulle uitgangspunt rakende die kwessie?

  ✓ Hoe oortuig is hulle van hulle eie menings?

  ✓ Is hulle ontvanklik en ruimdenkend genoeg om ander standpunte te oorweeg?

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

✓ Probeer antisipeer wat hulle teenargumente gaan wees.

- **Die aanwending van Argumente en Oorreding**

Argumente word formeel of informeel aangewend wanneer ons betrokke te raak in argumente of iemand probeer oorreed en dit kan om verskeie redes en in verskeie situasies plaasvind. Die volgende is voorbeelde van redes en situasies:

- **In die alledaagse lewe …**

  Wanneer jy vra vir ’n salarisverhoging, aansoek doen om ’n betrekking, onderhandel oor die prys van ’n nuwe motor, of standpunt inneem in die hof in verband met ’n verkeersoortreding.

- **Die akademie …**

  Wanneer jy jou idees moet verdedig, of om intellektuele debatvoering te stimuleer.

- **By die werk …**

  Wanneer jy mense moet oortuig om na jou idees te luister, of die aandag van jou bestuurder op jou wil vestig, of om mense se samewerking te verkry en mense tot aksie aan te spoor.

- **Tydens skryf …**

  Wanneer jy sterk standpunt inneem, of skryf om ernstig gelees te word.

- **Tydens lees en luister**

  Evalueer ander se argumente, beskerm jouself teen onetiese oorredingstaktiek, identifiseer die leemtes in ander se argumente.

- **Struktuur van ’n argument**

’n Argument bevat logiese redes en afdoende bewyse ter ondersteuning daarvan.

- **Onderdele van ‘n argument**

  - **Kwessie** – identifiseer die probleem of kontroversiële onderwerp waaroor daar meningsverskil is.
  - **Afbakening/aanspraak** – omlyn die verskillende perspektiewe.
  - **Ondersteuning** – voer redes en bewyse aan waarom perspektiewe geldig en aanvaarbaar is.
  - **Identifiseer die leemtes** – opponerende standpunte.

- **Tipes aansprake**

  - **Feitgedrewe aansprake** – ’n stelling kan aan die hand van waarneming en navorsing bewys word, bv. *Binne tien jaar sal die uitwissing van die Reënwoude daartoe lei dat tallose plant- en dierspesies bedreig word.*
  - **Prioriteitsgedrewe/waardegedrewe aansprake** – verwys daarna dat ’n spesifieke idee of saak voorkeur moet geniet, bv. ’n *Hoërskool wat van leerders verwag om by gemeenskapswerk betrokke te raak, sal leerders met* ’n *sterker sosiale bewussyn die volwasse lewe instuur.*
  - **Oplossingsgedrewe aansprake** – oplossings word vir die probleem voorgestel, bv.

    Die installering van metaalverklikkers sal geweld in skole verminder.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- **Tipes ondersteuning vir aansprake**

  - **Rede** – 'n algemene stelling wat die aanspraak ondersteun.

  - **Bewyse** – voorbeelde: feite, statistiek, ervarings, vergelykings, en voorbeelde wat illustreer waarom die aanspraak geldig is.

  - **Emosiebelaaide aansprake** – idees wat op behoeftes en waardes van die leser gerig is.

Aktiwiteit 16

Lees die onderstaande teks en voer die instruksies uit.

Voorbeeld van 'n gestruktureerde argument:

MONSTERS IN DIE KUBERRUIM

In vandag se tegnologiese wêreld van sosiale netwerke, blogs en 'n magdom maniere van kuberkonnektiwiteit is dit vir iedereen maklik om 'n skrywer te wees. Dis eintlik verspot maklik. Jy tik eenvoudig 'n paragraaf en druk die lanseerknoppie om dit die kuberruim in te stuur. En siedaar! jy het gepubliseer. Jy's 'n skrywer! Wel, minstens in die kubersin van die woord. Op 'n ernstiger noot. Die blote verwysing na blogosfeer en twiet kan 'n ernstige skrywer se nekhare laat rys. Die wyse waarop daar met ons taal gemors word, jaag hulle die harnas in. Skryfkuns word tot 'n minderwaardige kunsvorm gereduseer. Allerlei goggas het ons veilige taalvesting binnegesluip. Ongekende en bisarre afkortings het kop uitgesteek. Verwronge woorde word gebaar. Sinne maak nie meer sin nie. Die "kodetaal" van twiets en "whatsapps" en "facebook-boodskappe" vra om ontsyfer te word. Die tsoenami van taalverkragting wat kuberAfrikaans teister, het reeds diep wortel geskiet. Net soos met aardverwarming kan ons keer dat die gat in die "osoonlaag" van Afrikaans groter word. Maar groepsdenke sal moet verander, die hart van Afrikaanssprekendes sal moet verander.

Die hoop beskaam egter nie! Kom ons doen ons deeltjie om Afrikaans weer op die regte spoor te kry.

Skrywer: dr. P. Malherbe

Dosent aan die Universiteit van Stellenbosch

10 Januarie 2018

Pre-lees:

1. Wat suggereer die titel?

- Wie is die skrywer?
- Wat is die datum waarop dit gepubliseer is?
- Wat weet ek reeds van die saak wat bespreek word?

Tydens lees en post-lees:

- Lees een keer deur die artikel om vas te stel wat die hoofgedagte is. Wanneer jy die artikel vir die eerste keer lees, behoort jy bloot te probeer verstaan wat die oorkoepelende argument is wat die skrywer maak. Let op wat die skrywer se argument is, of wat hy/sy aanvoer.
- Lees nou 'n tweede keer deur die artikel, maak aantekeninge terwyl jy lees. Dit help soms om met 'n rooi pen aantekeninge te maak, sodat dit uitstaan. Vra jouself die volgende vrae af:

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

2.1 Wat is die skrywer se argument?

2.2 Wat is die doel van die artikel?

2.3 Wie is die teikenleser vir die artikel – vir wie is die artikel bedoel?

2.4 Slaag die artikel daarin om sy saak/kwelling aan die leser oor te dra?

2.5 Het die skrywer genoegsame feite? Bespreek.

2.6 Spreek die skrywer opponerende argumente duidelik en regverdig aan?

2.7 Gebruik die skrywer emosionele aansprake?

Hoofstuk 6: Sosio-Politieke en Kulturele Agtergrond van Teks en Outeur

6.1 Die begrip van sosio-politieke en kulturele agtergrond van teks en outeur

Menslike kommunikasie vind altyd binne 'n konteks plaas, deur 'n kommunikasie-medium en tussen individue en groepe wat histories, polities, ekonomies, kultureel en sosiaal gesetel is.

As 'n mens die sosio-politieke en kulturele omstandighede van 'n skrywer verstaan, verkry jy waardevolle insig oor wat die skrywer se werk gemotiveer en beïnvloed het. Dit is belangrik om die eksterne kragte wat in die skrywer se daaglikse lewe aktief was, te erken sodat jy die tematiese en simboliese middele in sy werk meer akkuraat kan beoordeel.

Sosiale, politiese, historiese en kulturele kontekste kan gedefinieer word as die omstandighede, invloede, beperkings en boodskappe wat die konteks tot 'n teks kan verskaf.

Letterkunde is uniek omdat dit ideologieë kan ontbloot. 'n Mens kan bewys dat allerlei tekste – letterkundetekste soos romans, dramas en gedigte, die meeste niefiksie tekste en alle mediatekste – op 'n ideologiese vlak werk. Dit beteken bloot dat die tekste op verskillende maniere werk om 'n bepaalde lewensiening te ondersteun en te versterk.

Die media speel ook 'n rol in die onderhoud en versterking van kern ideologieë.

6.2 Kulturele Konteks

Stel vrae soos:

- Is die skrywer beïnvloed deur die kultuur waarin hy/sy geleef het?
- Het die kultuur in die tyd waarin hy/sy geleef het, 'n beperking geplaas op waaroor hy/sy kon skryf?
- Was daar sosiale reëls of politieke druk wat die skrywer gedwing het om op 'n bepaalde manier te skryf of om sekere kwessies te vermy?
- Is die teenoorgestelde waar? Het die skrywer doelbewus probeer om 'n standpunt te stel, om uit te daag of om te skok?

6.3 Historiese/Sosio-politieke konteks

- Historiese konteks verwys na die begrip van situasies, gebeure, ens. in die tyd toe 'n letterkundeteks geskryf of gepubliseer is. Historiese konteks verwys na die gemoedstemminge, houdings en omstandighede wat op 'n sekere tydstip bestaan het.
- Konteks is die "ruimte" vir 'n gebeurtenis wat plaasvind en dit sal 'n impak hê op die belangrikheid van dié gebeurtenis. Konteks is 'n belangrike faktor om in ag te neem wanneer iets uit die geskiedenis beskryf word. Dit is noodsaaklik om die konteks – d.w.s. geskiedenis, tyd, houdings, ens. – in ag te neem wanneer jy oor die betekenis van 'n gebeurtenis besin.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Veronderstel jy lees 'n brief van 'n vrou waarin die volgende sin voorkom:

  "*My dogter gaan kort na haar troue Natalia toe vertrek*."

  - Hoeveel inligting verskaf die sin? Nie veel nie, totdat ons na die datum kyk. As ons vasstel dat die brief in 1838 geskryf is, besef ons dat een sin soms baie kan sê!

  - 'n Jong vrou wat in 1838 tydens die Groot Trek Natalia toe gegaan het, het moontlik agter haar man aan gegaan op 'n gevaarlike ekspedisie is om plaasgrond te bekom. Die ma sou dus erg beangs gewees het oor haar kind, en sy sou weet dat sy haar dogter vir 'n lang ruk nie sou sien nie, indien ooit.

- Die eerste rede waarom 'n mens die historiese omstandighede van 'n bepaalde gebeurtenis of letterkundeteks moet weet, is omdat dit jou help om die denke van die mense wat direk betrokke is, te verstaan. As jy weet wat die sosiale, ekonomiese of politieke kwessies rondom die publikasie van 'n bepaalde roman of essay is, kan dit jou help om meer te verstaan wat die skrywer geskryf het. Dit sal jou ook help om met die karakters van die storie te identifiseer.

6.4 Die sosio-politieke agtergrond van die skrywer

Die sosio-politieke agtergrond van die skrywer beïnvloed sy sienswyse en skryfstyl.

6.4.1 Die skrywer se sienswyse/standpunt

Dit skrywer se standpunt is sy/haar siening of standpunt oor 'n spesifieke saak. Dit staan ook bekend as die *skrywer se argument* (die belangrikste standpunt wat die skrywer bevorder) en die *skrywer se vooroordeel* (die kant van die argument wat die skrywer steun).

Sienswyse verwys ook na iemand se persoonlike opinie of houding teenoor iets, bv. *Ek respekteer jou standpunt, maar ek glo nie ek stem met jou saam nie.*

'n Skrywer kan 'n saak *ondersteun (ten gunste daarvan wees)* of dit *teenstaan (daarteen gekant wees)*. Jy moet die skrywer se sienswyse erken om vas te stel watter kant van die argument hy sy bevorder.

'n Spreker/skrywer se sienswyse kan op verskillende maniere in 'n teks weergegee word: deur die keuse en aantal van byvoeglike naamwoorde, die keuse van spesifieke inhoud, die gebruik van emotiewe woorde, die keuse van tye, modale woorde, herhaling en selfs deur tipografie.

Om 'n skrywer se sienswyse te bepaal, moet jy veral let op die woorde wat hy/sy gebruik.

6.4.2 Die doel van die skrywer

'n Skrywer se doel is die rede waarom hy/sy skryf – en skrywers skryf gewoonlik om 'n bepaalde rede. Die skrywer se doel mag wees om in te lig, om te vermaak of om die leser te oorreed om iets te glo of om 'n sekere handeling uit te voer. Dit is belangrik om 'n skrywer se doel te verstaan, want dan sal jy die boodskap beter verstaan. Om 'n skrywer se doel te bepaal, stel kritiese lesers die vraag: *"Waarom het die skrywer dit geskryf?"*

- Soms noem skrywers self waarom hulle skryf.

- Ander kere noem skrywers nie waarom hulle skryf nie omdat hulle meen dat die doel ooglopend is en hulle aanvaar dat die leser die doel sal aflei.

- Om 'n skrywer se doel te bepaal, moet jy let op die woorde wat hy/sy gebruik en die manier waarop die inligting aangebied word.

6.4.3 Die skrywer se toon

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Die teks se toon verwys na die skryfstyl en woordkeuse wat die skrywer se houding teenoor 'n onderwerp aantoon. Dit is belangrik om die teks se toon te bepaal, want as jy dit misverstaan, sal jy nie die boodskap begryp nie. *"Wat verklap die skrywer se woordkeuse en skryfstyl oor sy/haar houding teenoor die onderwerp?"*

6.4.2 Die skrywer se woordkeuse en houding

Deur woordkeuse kan die skrywer die toon openbaar van die teks asook die skryfstyl.

Woorde wat gebruik kan word om toon te beskryf:

Woorde wat 'n neutrale toon beskryf Dit word gewoonlik in handboeke, navorsingsmateriaal, aanwysings, instruksies, koerant- en tydskrifartikels en ander feitelike, objektiewe materiaal gebruik. **Onemosioneel** – min of geen emosie of gevoel is betrokke nie **Beheersd** – sonder passie, emosie of vooroordeel, of nie daardeur geraak nie **Belangeloos** – kom voor asof daar geen voorkeur of belang is nie
Woorde wat 'n ernstige toon beskryf Dit word gewoonlik by belangrike formele aankondigings en huldeblyke gebruik. **Plegtig** – baie intens, ernstig en sober **Ernstig** – somber, intens, nie grapperig of spelerig nie **Afgetrokke** – baie geïnteresseerd of betrokke, gekenmerk deur teruggetrokkenheid
Woorde wat 'n emosionele toon beskryf Dit kom gewoonlik in persoonlike artikels, politieke geskrifte en sommige oorredende skryfstukke soos hoofberigte/redaksionele kommentaar voor. **Simpatiek** – betoon simpatie, goedhartigheid, of omgee **Bekommerd** – om baie om te gee vir 'n persoon of saak **Passievol** – gekenmerk deur passie of ywer **Nostalgies** – 'n bittersoet verlange na dinge, mense of situasies uit die verlede **Sentimenteel** – gebaseer op emosie en nie op die rede nie **Berouvol** – om spyt te wees **Selfbejammering** – om jammer vir jouself te voel **Dringend** – makeer onmiddellike aandag; onmiddellik belangrik **Uitdagend** – doelbewus krities; kom in opstand teen gesag

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Woorde wat 'n kritiese, afkeurende toon beskryf:

Dit kom gewoonlik in film- en boekresensies, redaksionele kommentaar en tydskrifartikels voor.

Krities – geneig om te kritiseer en fout te vind

Afkeurend – ongunstig beoordeel

Veroordelend – pessimisties; 'n negatiewe houding of somber uitkyk

Onverdraagsaam – laat nie verskil van mening of sentiment toe nie

Verontwaardig – kwaad gemaak deur iets wat onregverdig, gemeen of onwaardig is; woedend

Woorde wat 'n humoristiese, sarkastiese, ironiese of satiriese toon beskryf:

Dit kan in baie skryfsoorte gebruik word, soos letterkunde, sosiale kritiek, koerant- en tydskrifrubrieke en -artikels.

Lighartig – nie belas deur moeilikheid, kommer of sorg; gelukkig en sorgvry

Oneerbiedig – krities oor wat algemeen aanvaar of gerespekteer word, toon 'n gebrek aan eerbied

Sinies – spottend oor ander se motiewe, deugde of integriteit; bespot

Spottend – behandel iemand of iets as veragtelik of onwaardig; toon minagting

Minagtend – toon openlike minagting of hoogmoedige veragting

Kwaadwillig – bedoel om skade of lyding te veroorsaak; met kwade bedoelings

Ironies – op 'n grapperige manier sarkasties

Sarkasties – gekenmerk deur die begeerte om spot en afkeur te toon

Bitter – gekenmerk deur strengheid, erns of wreedheid

Skepties – huiwerig om te glo; betwyfel of bevraagteken alles

Ongelowig – glo nie; weier om te glo

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Woorde wat 'n ondersteunende toon beskryf:

Dit kom voor in verskeie skryfsoorte soos handboeke, inspirerende skryfstukke, tydskrifartikels en persoonlike korrespondensie.

Bemoedigend – wys ondersteuning

Ondersteunend – wys ondersteuning of bystand

Geesdriftig – toon opgewondenheid

Optimisties – verwag die beste; 'n positiewe lewensuitkyk

Goedkeurend – druk goedkeuring of instemming uit

Positief – ten gunste van; ondersteunend, optimisties

Simpatiek – geneig tot simpatie; toon bejammering; empaties

Verdraagsaam – toon respek vir ander se regte, menings en gebruike

Verband tussen die kritiese leesvaardighede

- Die skrywer se **doel** bring mee dat hy/sy 'n sekere **toon** gebruik om 'n **sienswyse** aan sy lesers/gehoor oor te dra.
- Die skrywer besluit oor die doel (rede) waarom hy/sy skryf: om in te lig, om te leer/onderrig; om te oorreed; om te vermaak.
- Om hierdie doel te bereik, gebruik hy/sy 'n geskikte toon:

  ernstig formeel opreg geesdriftig afkeurend

  simpatiek informeel humoristies ironies
- Om sy/haar belangrikste idee (standpunt oor 'n saak), sienswyse (*ten gunste van of gekant teen*) of argument oor te dra aan die beoogde gehoor/leser:

  die algemene publiek **of** 'n spesifieke groep **of** 'n bepaalde persoon

Onthou die volgende wanneer jy krities lees:

- Jy moenie dink dat die doel met alle leesstof is om in te lig nie.
- Indien die skrywer se doel is om te oorreed, moet jy bepaal watter kant van die argument hy/sy ondersteun.
- As jy die skrywer se toon verstaan, sal jy die ware of bedoelde betekenis snap, selfs al sê die skrywer se woorde iets anders, d.w.s. as dit ironies is.
- Let wel: Daar is 'n verskil tussen sarkasme en ironie.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aktiwiteit 17

Ondersoek advertensies en meningskryfstukke oor dieselfde onderwerp en gaan na hoe taal en beelde gebruik word. Identifiseer die skrywers en hul perspektiewe. Waarom dink hulle so?

Wanneer ons tekste lees of daarna kyk, moet ons onder ander die volgende vrae in gedagte hou:

- Wie het die teks geskep? Hoe weet ons dit?
- Wat wil die skrywer hê moet die leser/kyker weet, dink of voel? Waarom dink ons dit?
- Watter aannames maak die skrywer oor die leser se oortuigings, waardes en kennis? Hoe weet ons dit?
- Watter wêreldsiening word deur die teks oorgedra? Waarom dink ons so?
- Hoe word taal gebruik om ons denke te beïnvloed?
- Watter inligting het die skrywer weggelaat? Hoe betekenisvol is dit?
- Wie sal mees waarskynlik die teks lees?
- Watter kennis oor die wêreld buite die teks is nodig om die teks te verstaan?
- Hoe het jou agtergrond jou begrip van die teks beïnvloed?
- Hoe beïnvloed die teks jou, bv. het die vorm van die teks jou manier van dink beïnvloed? Hoe posisioneer die taal in die teks jou as leser?

Hoofstuk 7: Taalvariëteite

KABV VEREISTES:

- Gebruik geskikte register: formeel, informeel (bv. die gebruik van informele/gesprekstyl en eerste persoon in 'n vriendskaplike brief, formele taal in 'n vriendskaplike brief).
- Gebruik formele en informele taal (sleng/spreektaaluitdrukkings, jargon) gepas.
- Tydens hersiening, redigering en proeflees van werk, let daarop om dubbelsinnigheid, breedsprakigheid, woordoortolligheid, sleng en beledigende taal uit te skakel en ook om die inhoud, styl en register te evalueer.

7.1 Wat is die betekenis van register?

Register is die gebruik van gepaste taal volgens 'n spesifieke doel en 'n spesifieke sosiale opset. Wanneer ons praat en skryf, maak ons 'n keuse oor hoe formeel of informeel die taal wat ons gebruik, sal wees. Hierdie keuse word die register genoem. Die keuse van 'n geskikte register hang van die volgende faktore af: die gehoor, die doel en die konteks.

Die volgende situasies dien as illustrasie van die gebruik van verskillende registers:

- Wanneer jy jou maat aan die begin van die skooldag groet, klink dit anders as wanneer die klas die onderwyser groet; en as jy die prinsipaal groet, is jou register baie meer formeel.
- Wanneer jy die dokter aanspreek, sal jy meer formeel wees, sy titel respekteer en mooi luister wanneer hy iets vra en hom dan ook so goed as moontlik beantwoord.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Die dokter sal sy/haar bevindinge vir jou in formele vaktaal gee, maar sal dan ook in ’n meer informele taal aan jou verduidelik wat jy makeer.
- ’n Wetenskaplike sal byvoorbeeld in die laboratorium praat van “NaCl”, maar as hy met sy kind by die huis praat, sal hy die woord “sout” gebruik.
- Wanneer parlementslede hulle toesprake in die parlement lewer, is dit gewoonlik in formele taal;
- As vriende met mekaar praat, is dit weer in ’n heeltemal informele register.

Register verwys na die gebruik van verskillende woorde, style, grammatika, toon en toonhoogtes in verskillende kontekste en situasies, bv. die formele taal en toon (register) wat in amptelike dokumente aangewend word, in teenstelling met die informele taal en toon (register) van ’n e-pos aan jou vriend.

Voorbeelde van verskillende registers
“Goeiemore meneer die President, ons waardeer u besoek!”
Jy spreek nie jou onderwyser aan as: “Haai, ou Pêl” nie!
Jy spreek nie jou ouers soos volg aan nie: “Haai daar! Wat maak julle mense?”
Jy spreek nie grootmense (volwassenes) op die volgende manier aan nie: “My vriende, wat sê julle mense!”

- Ons praat verskillend in verskillende situasies.
- Die verskille in taalgebruik weerspieël die volgende:
  - Die spesifieke situasie (KONTEKS)
  - Die doel van die kommunikasie (DOEL)
  - Die verhouding tussen die sprekers (GEHOOR)

Hier is ’n paar voorbeelde van algemene situasies waarin jy formele en informele registers sal gebruik.

	INFORMEEL	**FORMEEL**
GEHOOR	Senior met ’n junior	Junior met ’n senior, seniors met juniors
	Werkgewers met hul werknemers	Werknemers met hul werkgewers
	Tussen vriende en familie	Vergadering waar jy ’n verslag moet lewer
DOEL	Om te vermaak of om inligting te gee	Om inligting te gee
	Om verhoudingsbande te versterk	Om ’n formele verhouding te handhaaf
	Om te oorreed	Om te oorreed

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

KONTEKS	In persoonlike gesprek of kommunikasie	In besigheidskorrespondensie, briewe en verslae.
	In persoonlike oproepe	In besigheidsoproepe
	In dagboeke en joernale	In verslae
	In informele gesprek	Uitnodigings, regsdokumente, formele toesprake, aankondigings wat deur regters gemaak word.
	Boodskappe op sosiale media (gewoonlik baie informeel)	Godsdienstige dokumente
		Werksonderhoude
		Onderwysers wat besig is om klas te gee.
		Byeenkoms by die skool

7.2 Informele register: spreektaal en sleng

Spreektaal is 'n taal wat tot die gewone of familiêre gespreksituasie behoort en is informeel van aard, maar word steeds as deel van die standaardvariëteit beskou.

Mense sal spreektaal gebruik in sommige dele van die koerant, in informele besigheidsvergaderings, of wanneer hulle met vriende of medewerkers praat. Dit is die taal wat gebruik word in ontspanne, gemoedelike situasies, wanneer ons bloot onsself is en op 'n openlike en gemaklike manier oor selfs ons geheime en vrese kan gesels.

7.2.1 Spreektaal: woorde en frases

Ons voel gewoonlik gemaklik om informele en familiêre taal te gebruik as ons met familie of vriende praat. Ons kan ook so maklik sleng, vae of onduidelike woorde gebruik in hierdie gespreksituasies. Formele skryf vereis egter presiese taalgebruik.

- **Woorde**
  - **Streeksverskille:** In Afrikaans is daar bv. 'n verskeidenheid van streeksverskille in die benaminge van mense. 'n Dogter word 'n 'meisiekind'; 'nooi' of 'nooientjie' genoem en iemand se suster kan bv. 'tietie', 'sisi', 'ousus' of 'ousie' genoem word. Tante word ook 'antie', 'ant' of 'tannie' genoem. As iemand R5 se lugtyd koop, koop hy ''n foeitog'. Wanneer 'n vrou swanger is, is sy 'met die lyf'/'moet die lyf', 'in die ander tyd', of 'op die paal'.
  - **Samevoegings:** Woorde soos 'hy't' 'sy't'; 'kom hierso!' kan as spreektaal beskou word omdat dit nie wyd oor die Afrikaanssprekende gemeenskap strek nie.
  - **Banaliteite:** Sommige woorde word as banaliteite beskou in sommige dialekte van Afrikaans terwyl dit in ander dialekte meer aanvaarbaar is. 'Bleddie' of 'blerrie' is so 'n voorbeeld, asook 'die hel in' wat in sommige dialekte algemeen gebruik word en in ander minder aanvaarbaar is.
- **Frases:**
  - 'n Slawedrywer.
  - So oud soos die berge.
  - Hoesit!
  - Hi daar!
  - Hoeganit, jong?
  - Ahwê, ma se kinners!

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- **Aforismes**
  - Ek is nie gister se kind nie.
  - Jy dryf my teen die mure uit!
  - Ek het my uit my geloof geskrik!
  - Ek het my skoon in ’n ander bloedgroep geskrik!

7.2.2 Sleng

Die woord sleng verwys na informele taal wat dikwels deur ’n groep mense soos tieners gebruik word. Hulle gebruik bv. woorde soos ‘*cool*’, ‘*kief*’, ‘*kwaai*’. Die verskil tussen spreektaal en sleng is dat sleng, anders as gesprekstaal, nog nie in ordentlike of formele gesprekke aanvaarbaar is nie. Sleng is minder formeel as spreektaal en maak gebruik van woorde en uitdrukkings wat nie as deel van die standaardtaal beskou word nie. Sleng word gewoonlik gebruik deur lede van beperkte groepe soos tieners, bendegroepe, sekere etniese groepe of professies. Soms is sleng vulgêr.

Voorbeelde van sleng:

- grênd
- bra (Hugh)

Voorbeelde van tekste wat gebruik kan word om spreektaal en sleng uit te ken:

- Grappe
- Informele toesprake
- Gewone/informele gesprekke
- Spotprente

7.3 Jargon

Die woord jargon verwys na spesiale terme en uitdrukkings wat in ’n ambag, professie of enige spesifieke groep gebruik word. Dit is vaktaal of taal van bepaalde groepe, bv. soldate en onderwysers. Dit is taal wat dikwels net deur die lede van ’n bepaalde groep verstaan word (bv. rekenaargebruikers wat verwys na ‘hardeskyf’, ‘sagteware’, ‘muis’, ens.). Indien jargon gebruik word om luisteraars/lesers van ’n gesprek/interaksie uit te sluit, kan dit mense se gevoelens kwets. Jargon is dus spesifieke woorde wat slegs gebruik en verstaan word deur die persone of kundiges wat by die spesifieke groep betrokke is.

Voorbeelde:

- *Love* – soos deur tennisspelers gebruik
- *Ek dink jy ly aan hipertensie* – soos deur dokters gebruik
- *Kliek links/regs op die muis* – deel van jou rekenaar

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Kenmerke van jargon

- Lang, verwarrende woorde.
- Afkortings wat net binne spesifieke kontekste verstaan word, bv. *Is jou SGA op datum?* (binne skoolkonteks verstaan almal daar word van skoolgebaseerde assessering gepraat, maar in ander kontekste kan SGA iets heeltemal anders beteken.
- Eufemismes: swanger = oor die tou getrap.
- Modewoorde: fasiliteerders/operasionaliseer.
- Taalverbreding: 'n taxi- assistent word 'n *skuifdeur-operateur* genoem.
- Leë frases en stopwoorde, bv. *in hierdie stadium...; As jy my vra...*
- Onnodige werkwoorde: *Ons stel ondersoek in*, in plaas van *Ons ondersoek.*
- Oorbodige woorde: ekstra woorde wat nie 'n bydrae tot die betekenis lewer nie: *Net soos jy daar sê!*

Voorbeelde van jargon (woorde en frases)

GROEP	JARGON	BETEKENIS
Sakemense	Operasionaliseer	Uitvoer
	Proaktief	Om eerste (positief) op te tree.
	Lesse	Dinge wat geleer is.
	Funksionaliteit	Die funksies of kenmerke van 'n produk.
Rugbytoeskouers	Systap	Vermy 'n laagvat deur voor te gee dat jy in 'n sekere rigting beweeg, maar dan beweeg jy in die teenoorgestelde rigting.
	Sondehoekie	Die bank waarop 'n speler wat 'n ernstige oortreding begaan het vir tien minute gaan sit.
	Rolmaal	'n Dryfbeweging in die rigting van die opponent se doellyn terwyl die bal aan die agterkant van die beweging gehou word.
	Hoogvat	'n Laagvat bokant die skouers.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Sokkerondersteuners	Dribbel	Beheer die bal met die voete terwyl jy hardloop.
	Oortreding	’n Oortreding van die reëls.
	Rooi kaart	’n Kaart wat ’n skeidsregter omhoog hou om aan te dui dat ’n speler uit die wedstryd gehaal word; die speler se span moet die res van die wedstryd met minder spelers voltooi; word toegeken vir gewelddadige gedrag of etlike reëloortredings.
	Vryskop	’n Skop wat aan ’n speler toegeken word vir ’n oortreding deur die opposisie; die speler skop ’n stilstaande bal sonder enige opposisiespelers binne tien meter.

[Bron: Aangepas uit *Skwirk*]

7.4 Styl

Die term styl verwys na ’n taalvariëteit wat verdeel kan word in formele en informele style gebaseer op die toespraak of spreekgeleentheid. Ons kan baie formeel of baie informeel praat, maar dit word bepaal deur die omstandighede waarin ons ons bevind. Seremoniële geleenthede vereis gewoonlik dat die toesprake baie formeel sal wees. Publieke lesings sal bietjie minder formeel wees en tydens informele gesprekke sal die gesprektrant ’n baie informele styl hê. Faktore wat die vlak van formaliteit sal beïnvloed, kan insluit:

- Die soort geleentheid;
- Die verskeidenheid sosiale, ouderdoms en ander verskille wat tussen die deelnemers bestaan;
- Die spesifieke taak wat betrokke is, bv. skryf of praat, en die emosionele betrokkenheid van een of meer van die deelnemers (Wardhaugh, 1986; p.48).

Styl verwys na die spesifieke en unieke manier waarop die skrywer sy/haar woorde inspan om ’n spesifieke doel/effek te bereik. Styl kombineer die idee wat uitgedruk moet word met die individualiteit van die skrywer. Hierdie skryfstyl sluit individuele woordkeuses, sowel as aspekte soos lengte en sinstruktuur, toon en die gebruik van ironie in.

Aktiwiteit 18

18.1 Bespreek maniere waarop ons tussen registers kan onderskei, asook die manier waarop dit ons taal beïnvloed.

18.2 Kyk na die woorde wat hieronder gelys word en dui aan waarom, met wie en in watter konteks jy dit sal gebruik.

Woord	Konteks WAAR	Doel WAAROM	Gehoor MET WIE
Vrou			
Dame			
Poppie			
Dogter			
Meisie			
Man			
Meneer			
Outoppie			
Vent			

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Laitie			

Aktiwiteit 19

Almal praat verskillend in verskillende situasies. Bespreek in groepe die volgende vrae om formele en informele register te bepaal:

- Praat jy op dieselfde manier by die huis as hier in die klaskamer?
- Praat jy op dieselfde manier met jou vriende as met volwassenes?
- Praat jy verskillend wanneer jy met jou onderwyser of die dokter praat as wanneer jy met jou vriend oor die foon gesels?

Aktiwiteit 20

Bespreek in groepe of jy in die onderstaande gevalle ’n formele of informele register sal

gebruik. Hoe sal jy hierdie mense groet? Deel jou gevolgtrekkings met die res van die klas.

- Jou beste vriend
- Jou ouers
- Die prinsipaal van die skool
- ’n Jong kindjie wat verlore is
- Jou ouma
- ’n Grootmens wat jy ken

Aktiwiteit 21

Bespreek in groepe hoe jy tydens die volgende geleenthede sal praat. Wat sal jy sê? Deel jou

gevolgtrekkings met die res van die klas.

- ’n Uitstappie met jou vriend.
- ’n Reünie-ete met jou hele familie.
- ’n Spesiale besoek aan ’n belangrike persoon.

Hoofstuk 8: Die Verhouding tussen Taal en Kultuur

KABV VEREISTES: Toon begrip vir die verhouding tussen taal en kultuur deur respek te toon vir kulturele konvensies.

- **Wat is Kultuur?**

Kultuur verwys na gedeelde menings of sienings, waardes en houdings van ’n spesifieke groep mense. Dit sluit ook praktyke en sosiale gedrag van ’n bepaalde volk of ’n spesifieke groep mense in, byvoorbeeld die hip-hopkultuur wat

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

veral onder jongmense voorkom. Kultuur kan ook in ’n breër sin verwys na al die aktiwiteite en idees van ’n groep mense met dieselfde tradisies wat oorgedra en versterk word. Kultuur is nooit staties nie, dit ontwikkel voortdurend oor ’n tydperk.

- **Die verhouding tussen taal en kultuur**
  - Die taalgebruik van ’n spesifieke taalgemeenskap hou baie nou verband met die kultuur van daardie spesifieke gemeenskap. So ’n gemeenskap se kultuur bestaan uit dit wat ander mense van hulle moet weet en waarin hulle glo. Hierdie kennis sal jou dus in staat stel om op ’n aanvaarbare en sensitiewe manier teenoor lede van so ’n gemeenskap op te tree wat hulle goedkeuring en aanvaarding sal wegdra.
  - Alle tale is onlosmaaklik deel van ’n spesifieke kultuur en dit weerspieël sodanige kulture se behoeftes.
  - Taal en kultuur is so nou verwant dat dit onmoontlik is om die een te waardeer sonder dat jy kennis van die ander dra.
  - Lede van verskillende kultuurgroepe gee op verskillende maniere uitdrukking aan hulle leef- en wêreldbeskouings deur middel van hulle taal.
  - Kulturele modelle word hoofsaaklik uitgedruk en gereflekteer deur taal (uitdrukkings) wat die sienswyses van die kultuurgroep oordra, die menslike gedagtes rig en op aksies en morele lesse fokus, bv. *son in die weste, luiaard op sy beste*; *haastige hond verbrand sy mond; wie laaste lag, lag die lekkerste.*
- **Die inhoud en konteks waarbinne die verhouding tussen taal en kultuur ondersoek moet word**

’n Mens behoort eerstens op die woordgebruik binne ’n spesifieke kultuurkonteks te fokus, veral op kultuurspesifieke terminologieë of woordeskat, beskrywende woorde soos bywoorde en byvoeglike naamwoorde en eufemismes, uitdrukkings, asook woorde wat om die een of ander rede onaanvaarbaar in ander tale sou wees (taboe-onderwerpe). Beleefde taalgebruik binne ’n spesifieke kultuurkonteks, begroetings-en aanspreekvorme, asook idiomatiese taalgebruik behoort ook in ag geneem te word. Al die bogenoemde aspekte beïnvloed die wyse waarop lede van ’n spesifieke kultuurgroep hulle lewens- en wêreldbeskouings uitdruk en uitleef.

Aktiwiteit 22

22.1 Werk in ’n groep en dink aan ’n woord uit ’n vreemde taal soos byvoorbeeld “seshebo”. Watter verskillende prentjies vorm in julle gedagtes wanneer julle aan hierdie woord dink? Noem nou al die verskillende kossoorte of disse wat julle in julle spesifieke kultuur onder “seshebo” sal klassifiseer.

22.2 Vergelyk mekaar se antwoorde en probeer vasstel waarom sommige van julle groepslede van mekaar verskil, of waarom baie van julle kossoorte of disse ooreenstem.

22.3 Vind uit of die konsep *“seshebo”* in Afrikaans bestaan, al gebruik julle nooit hierdie woord nie. Kan julle aan ’n goeie Afrikaanse term vir hierdie begrip dink?

22.4 Wat, dink julle, behoort ’n mens alles in ag te neem wanneer jy van een taal na ’n ander vertaal? Is dit byvoorbeeld voldoende om net aan woordbetekenisse te dink?

22.5 Werk saam met ’n maat en skryf die volgende woorde iewers neer:

- ✓ *Engels: dignity – ndzhuti in Xitsonga – direkte vertaling = skaduwee*
- ✓ *Engels : uncle – malome in SeSotho – direkte vertaling = oom (aan moederskant)*
- ✓ *Engels : uncle – papamuhulu in Xitsonga – direkte vertaling = oom (aan vaderskant)*
- ✓ *Engels: aunt – mani in SeTswana – direkte vertaling = tante (aan moederskant)*

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Dink jy hierdie woorde sou dieselfde betekenisse gehad het indien dit in jou taal vertaal sou word? In watter opsig dink jy sou dit in jou taal verskil?

Aktiwiteit 23

Bestudeer die volgende woorde en verduidelik die betekenis daarvan aan mekaar. Praat dan in julle groepe oor hoe julle dink hierdie woorde julle moedertaal vorm en hoe dit julle spesifieke kultuur uitdra sodat sprekers van ander tale julle kultuur beter sal verstaan.

abba, poetoepap, aikona, souties, ghriesbobbejaan, bollemakiesie,

braaivleis, koeksister, ougat, snotklap, konsternasie, vloermoer, tameletjie,

moskee, tiekiedraai, vetkoeke, mamparra

Hoofstuk 9: Visuele Geletterdheid

Visuele tekste gebruik 'n kombinasie van visuele kenmerke (kameraskote, stilfoto's en grafika) en verbale kenmerke (woorde, dialoog en taalkenmerke) om 'n boodskap aan die gehoor oor te dra. Visuele kenmerke sluit aspekte soos kamerahoek, beligting, spesiale effekte, uitleg, dominante beeld, repetisie, kleur, lettertipe, grafika, kontras, ens. in. Verbale kenmerke sluit aspekte soos retoriese vraag, repetisie, noodsaaklikhede, geringe sin, dialoog, toon, lirieke van liedjies, ens. in.

Leerders moet die vaardighede aanleer om visuele tekste te ontleed en te interpreteer deur op die volgende te fokus:

- Oorredende tegnieke: Leerders behoort veral te begryp hoe emotiewe taalgebruik, partydigheid en manipulerende taalgebruik betekenis bepaal en betekenis beïnvloed.
- Leerders behoort te begryp hoe taalgebruik en beelde waardes en houdings vorm en weerspieël; hoe taalgebruik en beelde ook seksisties, rassisties, of ouderdomaanduidend kan wees, of hoe dit staatmaak op die krag van stereotipes, veral in advertensies. Hulle moet byvoorbeeld in staat wees om subtiele vorme van seksisme of partydigheid in 'n verskeidenheid van tekste te kan identifiseer, of die mate waarin advertensies byvoorbeeld die stereotipiese persepsies van mense versterk.
- Leerders behoort in staat te wees om die invloed van lettertipes en -groottes, opskrifte en subopskrifte, asook die tipografiese uitleg van tekste te begryp.
- Leerders behoort ook in staat te wees om 'n wye verskeidenheid van tekste, wat buiten advertensies en prente ook strokiesprente insluit, te ontleed, te interpreteer en te evalueer.

9.1 Die begrip van visuele elemente

Deur bewus te wees van die volgende visuele elemente kan die leerder se begrip van visuele geletterdheid versterk word: die meng van kleure; voorwerpe; karakters; uitdrukkings en liggaamstaal; plasings; gebruik van lig en skaduwee; plasing van kontrasterende idees; vergelykbare groottes van voorwerpe; die aanwending van kamerahoeke; die gebruik van simbole; en elemente van strokiesprente.

9.2 Ontleding van visuele tekste

Wanneer 'n visuele teks ontleed word, is dit goed om aandag aan die volgende sake te gee aangesien vrae in toetse en eksamens op hierdie aspekte gaan fokus:

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Watter tipe visuele teks is hierdie?
- Waaroor handel die teks se inhoud?
- Wat is die oogmerk/doel met die teks/wat wil die teks uiteindelik met die teikenleser bereik? Hoe weet jy dit?
- Wie is die moontlike teikenleser vir hierdie teks? Hoe weet jy dit?
- Watter impak het die teks of sal die teks uiteindelik op die teikenleser hê?
- Wat of wie word in die teks verteenwoordig?
- Hoe is die teks saamgestel? Kyk na die struktuur van die teks en bring dit in verband met die tipe teks.
- Watter element van die teks is visueel die treffendste?
- Kyk na die gebruik van kleur, lettertipes, lettergroottes en uitleg:
    - Deur grootliks gebruik te maak van helder kleure, 'n besige uitleg en die gebruik van lettertipes mag vir tieners aantreklik wees en opgewondenheid veroorsaak.
    - Meer subtiele kleure, basiese lettertipes en 'n konserwatiewe uitleg mag die tradisionele waardes van ouer mense aanspreek.
    - Koningsblou, rooi en goud, stylvolle lettertipes en 'n elegante uitleg mag vir dié wat prestasie en weelde nastreef aantreklik wees.
- Kyk na die gebruik van opskrifte en onderskrifte.
- Kyk na die rol wat beweging in 'n teks speel.
- Kyk na die gebruik van oorredende tegnieke soos emotiewe taal, manipulerende taal en vooroordeel.
- Oorweeg die visuele kenmerke en watter impak dit op die betekenis van die teks en die leser se reaksie op die teks maak.
- Soos geskrewe tekste is visuele tekste ook versigtig deur die samestellers saamgestel om betekenis te skep en om die kyker aan te raak en te beïnvloed.
- Wat is die interaksie of verhouding tussen die kyker en die onderwerp?
- Hoe slaag die visuele teks daarin om sy oogmerk te bereik? Hoe effektief is die teks as kommunikasieteks?
- Oorweeg watter visuele aspek van die teks jou aandag onmiddellik trek wanneer jy die teks vir die eerste keer sien. Dit mag wees dat die kleurgebruik jou dadelik opval of dalk die karikatuuragtige voorstelling van die karakters. Soms is die tipografiese plasing van beelde of teks baie effektief en dikwels val effektiewe lettertipes en -groottes 'n mens dadelik op.

9.3 Nieverbale kommunikasie

Nieverbale kommunikasie bestaan uit 'n volledige saamgestelde pakkie wat uitdrukkings, hand- en oogbewegings, gesigsuitdrukkings, liggaamshoudings en gebare insluit en wat tegelyk saam met spraak (verbale kommunikasie) geïnterpreteer word. Hoe beter jy na hierdie nieverbale kommunikasiestrategieë kyk, en hulle ook gebruik, hoe beter sal jy ander mense verstaan. Nieverbale kommunikasie is kommunikasie wat plaasvind sonder die gebruik van enige woorde. Met ander woorde, enige liggaamstaal wat 'n persoon gebruik tydens 'n gesprek. Hierdie liggaamstaal is altyd sigbaar

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

– dit kan gesien word deur die persone wat deel is van die gesprek. Dit is egter belangrik om te onthou dat nie alle nie-verbale kommunikasie sigbaar is nie: dit kan ook gehoor word. Jou stemtoon, en ook alles wat nie klank het nie, sê iets. Jou kleredrag, haarstyl, gesigsuitdrukking, die manier hoe jy loop, staan of sit, gebaretaal en die fisiese afstand tussen kommunikeerders sê ook iets. Lyftaal sluit baie meer as net die tekens van jou lyf in.

As jy nog wonder of dit regtig 'n groot verskil maak of nie, dink aan jou hond. Hy verstaan nie Afrikaans nie (regtig!), maar hy verstaan presies wat jy met jou lyftaal vir hom sê. Jou hond reageer op die nieverbale tekens wat jy gee. As honde op taal moes staatmaak, sou hulle nooit kon verstaan wat ons van hulle wil hê nie. Op dieselfde manier gaan jy sukkel om ander mense te verstaan as jy die nieverbale tekens ignoreer.

Nieverbale kommunikasie sluit aspekte soos die volgende in:

- gesigsuitdrukkings
- verskillende stemtoonhoogtes
- liggaamshoudings
- gebare
- hand- en oogbewegings

Nie-verbale boodskappe laat mense toe om die volgende te doen:

- om dit wat in woorde gesê word, te versterk, byvoorbeeld iemand wat sy/haar kop bevestigend of ontkennend skud om aan te dui dat hulle saamstem of verskil van dit wat iemand sê.
- om hulle emosionele toestand op 'n spesifieke stadium oor te dra, byvoorbeeld iemand wat vuis wys wanneer hy of sy in 'n argument betrokke is.
- om die verhouding tussen gesprekvoerders te wys, byvoorbeeld waar iemand se rug tydens 'n gesprek op 'n spreker gedraai is.
- om terugvoer aan die ander persoon te verskaf.
- om die gang van kommunikasie te reguleer, bv. om aan ander te sein dat hulle klaar gepraat het of dat hulle iets wil sê.

9.4 Liggaamstaal/liggaamsbewegings (Kinestesie)

Hierdie term verwys onder andere na nieverbale aspekte soos gesigsuitdrukkings en liggaamsbewegings-/houdings. 'n Mens se lyf is nie totaal bewegingloos tydens 'n kommunikasieproses nie. Liggaamsbewegings, of bewegings van die lyf of dele van die lyf, kommunikeer dikwels belangrike inligting oor iemand se houding, gemoedstoestand of sy/haar ingesteldheid teenoor iets/iemand. 'n Vaardige waarnemer sal hierdie 'tekens' kan gebruik om gesprekke sinvol te bestuur.

Uitdrukkings van emosies op 'n mens se gesig is belangrik vir sosiale interaksie. Studies bewys dat jou gesig die grootste en opvallendste bron is waarmee nieverbale boodskappe universeel oorgedra word. Dit beteken dat emosies soos vrees, woede, afkeur, vreugde en hartseer herkenbaar is in alle kulture omdat dit min of meer deur dieselfde gesigsuitdrukkings oorgedra word. Almal behoort dus te verstaan dat saamgeperste lippe byvoorbeeld 'n boodskap van woede oordra, of wydgerekte oë 'n boodskap van vrees of verbasing.

Liggaamshoudings of -bewegings is nog 'n manier waarmee nieverbale boodskappe gestuur kan word. Wanneer iemand goedkeurend op iets reageer, sal hy/sy waarskynlik die vuis bal en 'n duim in die lug steek. Die standaard '*Like*'-handgebaar, soos gebruik deur Facebook, beteken 'regso', '*kulungile*' of 'ek hoor wat jy sê' vir die deursnit

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Suid-Afrikaner. Soms sal iemand sy/haar kop in 'n spesifieke rigting swaai wanneer die boodskap van '*Sit dit maar daar neer'*, nie-verbaal gekommunikeer word. Oë wat opwaarts gerol word, dui dikwels aan dat daardie persoon nie eintlik glo wat 'n ander persoon vertel nie. Wanneer iemand saamstem met wat gesê word, sal hy/sy waarskynlik die kop met kort rukbewegings op en af beweeg.

9.4.1 Embleme: Gebare wat dieselfde funksie as 'n woord verrig, word embleme genoem. Bv. die sein wat wys dat alles reg is; kom hier!; of die handbeweging wat gebruik word wanneer daar geryloop (duimgegooi) word.

9.4.2 Illustreerders: Hierdie is gebare wat woorde vergesel om 'n verbale boodskap te illustreer. Bv. die kopknikbeweging in 'n sekere rigting wanneer geuiter word: *Gaan daarnatoe!*

9.4.3 Reguleerders: Dit is gebare wat gebruik word om terugvoering te verskaf wanneer gesprekvoering gereguleer word. Bv. 'n kopknik; om *mm-mm* te uiter; en om uitdrukkings van belangstelling of verveeldheid te maak.

9.4.4 Regstellings: Regstellings is daardie nieverbale gedrag wat 'n fisiese behoefte, soos om jou te krap of jou bril reg te skuif, aanspreek.

9.4.5 Postuur: Dit is die refleksie van mense se emosies, houdings en intensies, bv. wanneer iemand sy/haar arms vou in 'n gespreksituasie, dui dit aan dat die persoon geslote voorkom. As iemand in 'n gespreksituasie is en sy/haar hande is langs sy/haar sye, is daar 'n toegeneentheid of openheid ter sprake.

9.5 Gesigsuitdrukkings

Voorbeelde van emosies wat deur gesigsuitdrukkings aangedui kan word, is: geluk, hartseer, woede, verbasing, afkeur, vrees, verwarring, opgewondenheid, minagting.

Wanneer 'n mens liggaamstaal beoordeel, moet jy op die volgende tekens van die oë let:

9.5.1 Oogkontak

Daar is drie redes vir oogkontak in interpersoonlike interaksie:

- Om terugvoering te gee of te ontvang: As 'n mens na iemand kyk, weet hy/sy dat die ontvanger op die inhoud van die gesprek konsentreer. Om nie oogkontak te behou nie, kan aandui dat jy nie belang stel nie. Kommunikasie sal bemoeilik word indien die luisteraar gedurig sy/haar oë wegdraai.
- Om vir 'n gespreksgenoot aan te dui dat dit sy/haar beurt is om te praat. Oogkontak sal deurlopend wees wanneer iemand luister en nie wanneer hy/sy praat nie. As iemand nie gesteur wil wees terwyl hy/sy praat nie, sal oogkontak vermy word.
- Om die aard van die verhouding tussen gespreksgenote te verklap: As 'n mens nie van iemand hou nie, is jy geneig om oogkontak te vermy en jou pupille is kleiner. As oogkontak egter behou word, is dit 'n teken dat jy aangetrokke tot die persoon voel.

Tekens van die oë

1. Staar

Indien 'n persoon tydens 'n gesprek direk na jou kyk, is dit 'n aanduiding dat hy/sy belangstel en werklik aandag skenk. Langdurige oogkontak kan egter as bedreigend ervaar word. Om oogkontak te verbreek en gedurig weg te kyk, kan daarop dui dat die persoon se aandag afgelei is, dat hy/sy ongemaklik voel of probeer om sy/haar werklike gevoelens weg te steek.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

2. Oogknip

Om oog te knip, is natuurlik, maar ’n mens moet ook let op iemand wat dalk te veel of te min oog knip. Mense se oë knip dikwels vinniger wanneer hulle ongemaklik of omgekrap voel. Ongereelde knip van die oë kan aandui dat ’n persoon doelbewus probeer om sy/haar oogbewegings te beheer. Byvoorbeeld, ’n pokerspeler sal sy oë minder knip omdat hy probeer om nie opgewonde te lyk oor die kaarte wat hy vashou nie.

3. Die grootte van die pupille

Die grootte van die pupille is een van die subtielste tekens van die oë. Alhoewel die vergroting van die pupille deur ligvlakke in die omgewing beheer word, kan emosies ook soms veranderinge in die grootte van die pupille veroorsaak. Ons sê byvoorbeeld ’n jongman kyk met ‘skaapoë’ na ’n meisie wanneer hy aangetrokke tot haar voel.

9.5.2 Monduitdrukkings en -bewegings is ook belangrik by die lees van liggaamstaal.

As iemand byvoorbeeld sy bolip byt, kan dit aandui dat die persoon bekommerd is, bang is of onseker voel. Om die mond te bedek, kan ’n poging wees om te keer dat die persoon gaap of hoes. Dit kan egter ook ’n manier wees om te verbloem dat die persoon nie saamstem nie. Om te glimlag is een van die beste tekens van liggaamstaal, maar glimlagte kan op verskillende maniere vertolk word. Glimlagte kan opreg wees of dit kan gebruik word om ’n valse blydskap, sarkasme of selfs sinisme uit te druk.

Let ook op die volgende tekens wanneer liggaamstaal beoordeel word:

- **Om die lippe te byt:**

  Mense byt soms op hul lippe wanneer hulle bekommerd of gespanne is.

- **Om die mond te bedek**

  Wanneer mense ’n emosionele reaksie wil wegsteek, mag hulle hul monde bedek sodat mense nie sien hoe hulle glimlag of grynslag nie.

- **As die mond op of afwaarts gedraai is**

  Klein veranderinge in die mond kan ook aanduidings van iemand se gevoelens wees. Indien die mond effens opwaarts gedraai is, beteken dit dalk dat hy/sy gelukkig of optimisties is. ’n Mond wat effens afwaarts gedraai is, kan ’n teken wees van hartseer of misnoeë.

9.5.3 Para-taal (Para-linguistiek)

Para-taal of para-linguistiek is ’n term wat gebruik word om te verwys na alle verbale/mondelinge aanwysings wat met spraak geassosieer word. Dit sluit elemente in soos stemkwaliteit, die tempo waarteen en die spoed waarmee gepraat word, die ritme en die volume van ’n gesprekstuk en dikwels ook stiltes in ’n gespreksituasie. Emosionele betekenisse van ’n woord of woorde word deur para-taal of para-linguistiek beklemtoon. Iemand wat baie kwaad is, se woorde kan baie afgemete uitgespreek word wat deur die ontvanger van die boodskap as woede ervaar word. Wanneer iemand byvoorbeeld baie vinnig en met ’n harde stemtoon praat, kan dit waarskynlik as opgewondenheid geïnterpreteer word.

9.6 Interpersoonlike Ruimte

Verskille in die gebruik van interpersoonlike ruimte wanneer daar gekommunikeer word, is opvallend in verskillende kulture. Elke kultuurgroep het verskillende vlakke van interpersoonlike ruimtes wat nie binnegedring moet word tydens gesprekke nie. In sekere kulture is die fisiese afstand tussen persone wat met mekaar gesels kleiner as in ander kulture as gevolg van sekere voorkeure ten opsigte van persoonlike ruimte. Verskille in die gebruik van interpersoonlike ruimtes wanneer sprekers van verskillende kulture met mekaar kommunikeer, kan probleme veroorsaak wat die kommunikasie-

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

proses negatief kan beïnvloed indien een persoon ’n ander se persoonlike ruimte binnetree.

Die ruimte tussen sprekers mag soos volg geïnterpreteer word:

9.6.1 Persoonlike afstand

Die afstand wat die algemeenste voorkom, is die *ver* afstand tussen sprekers in ’n gespreksituasie. Vanuit die posisie is dit maklik om die ander persoon se uitdrukkings, oogbewegings en liggaamstaal in geheel raak te sien. Die skud van hande kan ook geskied binne die grense van persoonlike afstand.

9.6.2 Sosiale afstand

Dit is die normale afstand wat gehandhaaf word in werksituasies, bv. om saam te werk in dieselfde kantoor of gedurende sosiale byeenkomste. Die plasing van sitplekke is ook belangrik. Indien ’n sitplek hoër as ’n ander een is, kan dit dominering veroorsaak.

9.6.3 Openbare afstand

Onderwysers en openbare sprekers spreek groepe toe deur ’n openbare afstand te handhaaf. Tydens hierdie geleenthede is dit nodig om oordrewe nieverbale kommunikasie te handhaaf om die nodige effektiwiteit te behaal. Duidelike handgebare en kopbewegings is nodig, want gesigsuitdrukkings is nie goed waarneembaar vanaf ’n groot afstand nie.


9.7 Aktiwiteite: Visuele geletterdheid

Beantwoord die volgende vrae in groepe en stel vas of julle die begrip nieverbale kommunikasie begryp.


- Maak jy soms van taxi-vervoer of saamrygeleenthede gebruik wanneer jy skool toe moet gaan?
- Het jy al dopgehou watter gebare mense maak wat langs die pad op taxi’s of saamrygeleenthede wag?
- Word jy in jou kultuur toegelaat om oogkontak te behou wanneer jy met mense in senior posisies of gesagsposisies praat? Indien nie, dink jy dit sal die indruk skep dat jy nie meer in die gesprek belangstel nie en moontlik nie respek het vir die mense met wie jy praat nie?
- Bestudeer die volgende tekste en probeer bepaal watter boodskap deur die volgende nieverbale elemente oorgedra word:
  - gesigsuitdrukkings
  - liggaamshoudings
  - gebare
  - hand- en oogbewegings

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

TEKS 1



[Bron: *meester.yolasite.com*]



TEKS 2

[Bron: *Volksblad 8 Januarie 2018*]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za



TEKS 3

[Bron: *Aardklop-advertensie - Google Images*]



TEKS 4

[Bron: *Die Burger - Google Images*]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Let op na die nieverbale kommunikasie soos gesigsuitdrukkings, daardie geklemde hande, gevoude arms, en die hande op die knieë, die heupe, agter die nek of in die broeksakke. Stemtoon, oogbewegings en afstand is ook belangrik. Lyftaal verklik hoe jy praat, en wat jy eintlik sê as jy met jou oë, stem én hart praat.

Aktiwiteit 24

Kyk na die volgende strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop volg, in jou werkboek.

TEKS 5



[WKOD - LOK- simposium 2014]

24.1 Verwys na Neelsie se woorde in die eerste raampie. Tot watter slotsom sou jy verwag, moes sy pa in die tweede raam gekom het? (2)

24.2. Die pa se reaksie in die tweede raampie kan op twee maniere geïnterpreteer (verstaan) word. Verduidelik hierdie stelling. (2)

24.3. Verduidelik hoe die pa se lyftaal in raampie 2 sy reaksie op Neelsie se woorde in die eerste raampie oordra. (2)

24.4 Hoe ondersteun die uitroep en Neelsie se gesigsuitdrukking in die eerste raampie die pa se reaksie in die tweede raampie? (2)

24.5 Sou jy sê dat Neelsie se woorde in die derde raampie 'n voorstelling van die pa se lyftaal in die tweede raampie kan wees? Motiveer jou antwoord. (2)

Visuele tekste en die studie van nieverbale kommunikasie

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

SPOTPRENT

1. Wat behoort leerders alles van ’n spotprent te weet?

- Spotprente verskaf vermaak, maar is ook ’n manier om *satiriese* (die gebruik van *bespotting, sarkasme* en *ironie* om *krities* kommentaar te lewer op die gemeenskap, ’n individu of ’n situasie) boodskappe oor te dra.
- Politieke of situasiegerigte spotprente moet binne die konteks van hul agtergrond gelees word. Dit is belangrik dat die konteks waarbinne die prent staan, verstaan word, sodat dit sin sal maak vir die kyker/leser.
- ’n Spotprent kan slegs ’n tekening wees of ’n reeks sketse, spraakborrels, gedagte-/dinkborrels, of daar kan onderskrifte wees.

2 Hoe bestudeer jy ’n spotprent/tekenprent?

2.1 Karakters

- Is die karakters uniek of verteenwoordig hulle stereotipes?
- Word hulle natuurlik of karikatuuragtig uitgebeeld?
- Let op gesigsuitdrukkings, liggaamshouding en die interaksie tussen karakters.
- Wat sê die karakter(s) en hoe sê hulle dit?

2.2 Agtergrond/omgewing

- Waar speel die situasie af?
- Is die karakters op feite of fiksie gebaseer?
- Wat is in die agtergrond of in die prent?

2.3 Taalgebruik en toon

- Word gewone taal/gebruikstaal of sleng gebruik?
- Word woorde, frases of sinne gebruik?
- Is stemtoon hard (dikwels ’n uitroepteken - !)?
- Watter rol speel die leestekengebruik om die stemming/atmosfeer te ondersteun?

2.4 Nog aspekte om na op te let

- Lettergroottes en lettertipes. Groot en **donker** druk – dikwels gebruik om iets baie hard te sê.
- Skaal – grootte van karakters en onderwerpe: is een groter as die ander; vetter of maerder; voor in die prentjie of in die agtergrond?
- Gedagteborrels: wat ’n karakter dink.
- Spraak/woordborrels: die woorde van ’n karakter in ’n vorm.
- Is die doel om op te voed, in te lig, te vermaak of te spot?
- Kleur – waar toepaslik.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aktiwiteit 25

SPOTPRENT



Kyk na die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.

[Bron: *Die Burger: Google Images 2009*]

25.1 Wat impliseer die woorde van die boemelaar? (1)

25.2 Dink jy die agtergrond wat die spotprenttekenaar gebruik, is funksioneel?

Motiveer jou antwoord met redes uit die spotprent. (3)

25.3 Een van die opskrifte in die koerant is *Boemelaars verdien gem. R112 p. d.*

25.3.1 Wat dink jy is die houding van die spotprentkunstenaar wat die spotprent oor boemelaars geskryf het? (1)

25.3.2 Gee 'n gemotiveerde rede hoekom jy van die joernalis verskil of met hom/haar saamstem. (1)

25.4 Lewer kommentaar oor die manier waarop die spotprenttekenaar die geboue in die spotprent skets. (1)

25.5 Watter simboliek beeld die spotprenttekenaar uit in die manier waarop hy die geboue teken? (1)

Vermy asseblief. alle spotprente met politieke en godsdienstige konnotasies!

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za



STROKIESPRENT






[Bron: *Huisgenoot*, 21 Februarie 2002]

Die belangrike elemente van 'n strokiesprent

- Die inligting wat die spraakborrels gee, is belangrik:
  - 'n Reghoekige borrel gee inligting en beskryf.
  - Ronde borrels word vir gewone dialoog gebruik.
  - Borrels in die vorm van wolkies dui gedagtespraak aan.
  - Hiërogliewe/simbole dui gewoonlik op growwe/onvanpaste taalgebruik.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Gedagtes word soms nie in 'n spraakborrel geplaas nie. Dit help die strokiesprenttekenaar om sekere gedagtes/inligting aan die leser deur te gee.



[Clipart: Cartoon Announcements]

- Die dialoog vertel die verhaal en die humor wat die strokiesprent wil oordra. Dit is baie belangrik omdat dit die leser inlig omtrent die gebeure en die gevoelens van die karakters.
- Die illustrasie ondersteun die verhaal en die humor wat die strokiesprent wil oordra.
- Taalgebruik is baie belangrik omdat:
  - Vrae, bevele, bevestigings, versoeke gebruik word om die situasie te vertel.
  - Dialoë, alleensprake en die 'van-die-verhoog-af-kommentaar' bydra tot die verstaan van die tema. Die belangrikste vrae om te beantwoord is: **wat** word gesê en **hoe** word dit gesê?
- Klanke het die vermoë om tydsverloop en beweging aan te dui.
- Dit lewer altyd sosiale kommentaar.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

ADVERTENSIES

Belangrike elemente van ’n advertensie:

- ’n Advertensie probeer altyd om ’n boodskap oor te dra. Advertensies wil met die leser kommunikeer.
- Die teikengehoor is die mense binne die samelewing vir wie die advertensie geskryf is. Dit moet baie vroeg tydens die lees van/kyk na die advertensie reeds uitgeklaar word.
- Die register moet ook by die teikengehoor pas.
- Die visuele aspek help om die aandag op die advertensie te vestig. Dit is belangrik omdat dit die inligting is wat die leser lees. Dit moet interessant wees en minstens die helfte van die advertensie opneem.
- Die opskrifte moet kort, kragtig en oorspronklik wees. Dit moet die leser se aandag trek deur hom/haar emosioneel aan te raak, kwaad te maak, nuuskierig te maak of daaroor te laat nadink. Woordkeuse, woordbetekenis en geïmpliseerde betekenis is dus belangrik.

’n Voorstel om ’n advertensie te ontleed:

- **Vra die volgende vrae**:
  - Wat word geadverteer?
  - Wie is die teikengroep?
  - Watter onderliggende boodskap?
  - Wat is interessant omtrent die beelde?
  - Wat is die verhouding tussen die beeld en die res van die advertensie?
  - Wat trek onmiddellik die aandag van die leser?
  - Watter emosie probeer die samestellers ontlok?
  - Wat is die sentrale gedagte van die advertensie?
  - Watter emosionele impak/uitwerking het die advertensie?

- Kyk na en verduidelik altyd die direkte en indirekte (geïmpliseerde) betekenis.
- Vergelyk verskillende advertensies ten opsigte van:
  - Die beste visuele voorkoms;
  - Die beste hoofopskrifte;
  - Die beste/interessantste woordkeuse;
  - Of daar tekens is van gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, taalvariëteite, afleidings, aannames, argument en die doel met die insluiting of uitsluiting van inligting;
  - Die boodskap wat oorgedra wil word.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

AKTIWITEIT 26

Voorsien die leerders van 'n advertensie soos die volgende en gee opdrag dat hulle dit na aanleiding van bogenoemde voorstelle bespreek.



[Bron: *Finesse*, Februarie 2019]

Werk in groepe en bespreek saam met jou onderwyser die volgende aspekte na aanleiding van bostaande advertensie:

- Lettertipe in die opskrif
- Uiteensetting van inligting in die advertensie

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Die geslaagdheid van die advertensie volgens die ABBA-beginsel
- Die doel van die advertensie
- Die funksionaliteit (doel) van die illustrasies by die advertensie
- Die teikengroep van die advertensie
- Die boodskap van die advertensie
- Die invloed van die woordkeuses

'n Grafiese Teks


Wanneer jy grafiese voorstellings bestudeer, let op/kyk na die volgende aspekte:

Stel vas/vind uit WAT die grafiese voorstelling probeer om aan die leser/kyker te vertel.

- Die titel/opskrif van die grafiek sal jou baie vertel.
- Lees ALTYD die geskrewe inligting wat vir jou gegee word: onderaan die grafiek (X-as) en ook teen die kant van die grafiek (Y-as).
- Kyk vir spesifieke dinge wat uitstaan in die grafiek: iets wat buitengewoon groot/klein, lank/kort is. Kyk vir goed wat naastenby dieselfde of verskillend is en probeer om hulle te vergelyk of om die kontras tussen hulle te bepaal.
- Beantwoord die vrae wanneer jy die hoofboodskap van die grafiek verstaan.
- Let op die puntetoekenning; antwoord SLEGS dit wat vir jou gevra word.

Aktiwiteit 27

Die volgende grafiek is die resultaat van 'n opname wat in 'n klas gedoen is om te bepaal watter kommunikasiemiddels deur die meeste leerders gebruik word. Bestudeer (kyk goed na) die grafiek noukeurig (baie goed) en beantwoord die daaropvolgende vrae:



[Bron: *Google Prente*]

27.1 Wat word hierdie soort grafiek genoem?

27.2 *Waarvoor* word hierdie soort grafiek hoofsaaklik (*die meeste*) gebruik?

27.3 Watter kommunikasiemiddel word nie gebruik nie?

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

27.4 Watter kommunikasiemiddel was verreweg (*die meeste*) die gewildste?

27.5 Hierdie soort kommunikasiemiddel (by vraag 4) vereis (*benodig*) die gebruik van spesifieke tegnologiese middele. Maak 'n lysie van wat jy alles nodig het om hierdie soort kommunikasie te gebruik.

27.6 Hoeveel leerders maak van die naas (*die tweede*) gewildste kommunikasiemiddel gebruik?

27.7 Hoeveel leerders is in totaal vir hierdie opname ondervra?

27.8 Skryf die gebruikte kommunikasiemiddele in volgorde van die gewildste tot die ongewildste neer.

27.9 Watter kommunikasiemiddel word die minste gebruik?

27.10 Waarom dink jy dat die brief so min gebruik word?


27.11 Waarom dink jy word *SMSe* meer gebruik as om op die selfoon te praat?


27.12 Watter moontlike redes is daar dat *telegramme* min gebruik word?

Aktiwiteit 28

Sirkeldiagram

Bestudeer die *sirkelgrafieke* hieronder wat toerisme in die verskillende provinsies voorstel.





[Bronmateriaal vir visuele geletterdheidsaktiwiteite – Google]

28.1 Watter provinsie het sedert 1992 die grootste verlies aan toerisme gehad in 1996?

28.2 Watter provinsie se toerisme het sedert 1992 die meeste gegroei?

28.3 Watter provinsie(s) se toerisme het *naastenby* dieselfde gebly?

Bylaag A: Geïntegreerde Raamwerk vir vraagstelling in Kritiese Teksontleding

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Kritiese vrae wat in ag geneem moet word.
• Wat is die spreker/skrywer se doel? • Hoe kan hierdie teks die leser/luisteraar se idees beïnvloed? • Watter mening/menings spreek die skrywer/spreker uit? • Wat is die spreker/skrywer se standpunt? • Hoe spreek die spreker/skrywer sy/haar partydigheid uit? • In watter opsig is die spreker/skrywer partydig? • Wat is die oorheersende boodskappe in die teks? • Watter gapings of stiltes bestaan daar in die teks? (D.w.s. watter aspekte word nie aangespreek nie?) • Watter aannames omtrent die lesers word in die teks geweerspieël? • Watter aannames of verwagtinge (ideologiese bagasie) moet die leser aanvaar sodat die teks betekenisvol kan wees? • Hoe beïnvloed die spreker/skrywer se waardes, standpunte en belangstellings die teks? • Hoe word inligting en idees uitgedruk en verteenwoordig om die posisie van die leser/kyker/ gehoor te beïnvloed?

(Bron: Gebaseer op Fairclough,1989, Lankshear et al ,1997, Caldas, Coulthard & Holland 2000, en Ludwig, 2003)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Bylaag B: Voorbeeldvrae om leerders se aandag op die taal van die teks wat hulle lees, te fokus.
▪ Maak 'n lys van al die bywoordelike bepalings wat aan die handeling van 'n karakter of sosiale groep toegeskryf kan word. ▪ Maak 'n lys van al die byvoeglike bepalings wat die karakter of sosiale groep beskryf. ▪ Waarom het hulle so gesê? ▪ Waarom het die skrywer hierdie woord gebruik, in plaas van daardie een? ▪ Waarom is die teks in die hede/verlede/toekomende tyd geskryf? ▪ Waarvan, of van wie word gepraat? ▪ Hoe word van X gepraat en watter beskrywers word aan X toegeskryf? ▪ Watter werkwoorde kom saam met X voor? ▪ Watter modale hulpwerkwoorde word gebruik? ▪ Watter persoonlike voornaamwoorde word gebruik? ▪ Hoe verwys die skrywer na die self, die teksonderwerp en die leser? ▪ Watter inligting word gekies vir die eerste posisie? ▪ Watter verbindingswoorde word gebruik?

Bylaag C: Selfassessering

Identifiseer en pas die korrekte verduideliking by die verskillende aspekte van Kritiese Taalbewustheid.

Aspekte van KTB	Verduidelikings	Simbool
A Afleiding	Beginsels of standaarde van gedrag; iemand se oordeel van wat belangrik is in die lewe, bv. *morele beginsels.*	
B Aanname	Vooropgestelde idees oor 'n individu, groep, idee of saak. Sodanige neiging om een saak bo 'n ander te bevoordeel, bring mee dat billike assessering baie moeilik word.	
C Argument	Onverstaanbare woorde uit onkunde of grappenderwys omvorm tot 'n klank of 'n woord wat verstaan word, bv. *oliekolonie* uit "eau de cologne".	

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aspekte van KTB	Verduidelikings	Simbool
D Denotasie (denotatiewe betekenis)	Verteller se standpunt vanuit ’n spesifieke hoek gesien (alwetend, alomteenwoordig, eerste- en derdepersoon); of die siening van ’n karakter in verhouding tot die aangeleenthede in ’n roman of drama; of ’n besondere manier van denke oor of die beoordeling van ’n situasie, bv. *vanuit ’n ekonomiese beskouing sal die nuwe ontwikkeling die dorp grootliks baat.*	
E Direkte betekenis	Vorme van ’n taal wat patroonmatig van mekaar verskil.	
F Diskriminasie	Vorm ’n vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester).	
G Emotiewe taal (gevoelstaal)	’n Variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente, gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit/Jy kan kwaai bestuur.*	
H Feit	Eensydigheid of ’n saak word net van een kant af beskou, bv. vreemdelingehaat.	
I Geïmpliseerde betekenis	Taal wat daarop gemik is om ’n onregverdige voorsprong te kry of ander te beïnvloed, meesal op ’n onderduimse manier.	
J Kritiek	Die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word; verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word.	
K Konnotasie (konnotatiewe betekenis)	Wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis; figuurlike betekenis.	
L Konteks	’n Omvattende verduideliking, beoordeling of evaluering van iets soos politieke oortuigings of kuns, wetenskap.	
M Manipulerende taal	Die betekenis word gesuggereer, maar nie direk uitgedruk nie, bv. *die gebod dat jy jou naaste moet liefhê, impliseer dat jy alle mense moet liefhê.*	
N Partydigheid	Iets wat werklik plaasgevind het (’n werklikheid) en wat vasstaan, bv. *jou standpunt op die werklikheid baseer (die naam van ’n outeur of titel van ’n boek).*	
O Sleng (slang)	Taal en styl wat persoonlik is; sterk gevoelens wek; teenoorgestelde van nugtere, saaklike taal.	
P Stereotipering	Onderskeid by behandeling, veral ’n onbillike onderskeid, bv. teenoor ’n bevolkingsgroep of ras.	

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aspekte van KTB	Verduidelikings	Simbool
Q Taalvariëteite	Die eenvoudigste, mees letterlike betekenis van woorde.	
R Vertellersperspektief	Dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking; letterlike betekenis.	
S Volksetimologie	Dit is ’n rede wat aangevoer is ten gunste van of teen ’n stelling, bv. *argumente aanvoer om die teenstander te oortuig.*	
T Vooroordeel	Iets wat jy dink die waarheid is, alhoewel jy nie definitiewe bewyse daarvoor het nie; of dit is die veronderstelling dat feite korrek is.	
U Waardes	’n Oordeel of opinie te vorm uit wat vooraf gegee is of gebeur het; of om die implikasies van wat gesê of geskryf is te bepaal; of die skep van betekenis uit wat geïmpliseer word om ’n nuwe begrip te vorm; of dit wat tussen die reëls staan te lees.	

Werkkaart

Aspekte van KTB	Verduidelikings	Simbool
A Afleiding		
B Aanname		

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aspekte van KTB	Verduidelikings	Simbool
C Argument		
D Denotasie (denotatiewe betekenis)		
E Direkte betekenis		
F Diskriminasie		
G Emotiewe taal (gevoelstaal)		
H Feit		
I Geïmpliseerde betekenis		
J Kritiek		
K Konnotasie (konnotatiewe betekenis)		
L Konteks		
M Manipulerende taal		
N Partydigheid		
O Sleng (slang)		
P Stereotipering		
Q Taalvariëteite		
R Vertellersperspektief		
S Volksetimologie		
T Vooroordeel		
U Waardes		

Memorandum van selfassessering

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aspekte van KTB	Verduidelikings	Simbool
Afleiding	Om ’n oordeel of opinie te vorm uit wat vooraf gegee is of gebeur het; of om die implikasies van wat gesê of geskryf is te bepaal; of die skep van betekenis uit wat geïmpliseer word om ’n nuwe begrip te vorm; of dit wat tussen die reëls staan te lees.	A
Aanname	Iets wat jy dink die waarheid is, alhoewel jy nie definitiewe bewyse daarvoor het nie; of dit is die veronderstelling dat feite korrek is.	B
Argument	Dit is ’n rede aangevoer ten gunste van of teen ’n stelling, bv. *argumente aanvoer om die teenstander te oortuig.*	C
Denotasie (denotatiewe betekenis)	Dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking; letterlike betekenis.	D
Direkte betekenis	Die eenvoudigste, mees letterlike betekenis van woorde.	E
Diskriminasie	Onderskeid in behandeling, veral ’n onbillike onderskeid, bv. teenoor ’n bevolkingsgroep of ras.	F
Emotiewe taal (gevoelstaal)	Taal en styl wat persoonlik is; wat sterk gevoelens wek; die teenoorgestelde van nugtere, saaklike taal.	G
Feit	Iets wat werklik plaasgevind het (’n werklikheid) en wat vasstaan, bv. *jou standpunt op die werklikheid baseer (die naam van ’n outeur of titel van ’n boek).*	H
Geïmpliseerde betekenis	Die betekenis word gesuggereer, maar nie direk uitgedruk nie, bv. *die gebod dat jy jou naaste moet liefhê, impliseer dat jy alle mense moet liefhê.*	I
Kritiek	’n Omvattende verduideliking, beoordeling of evaluering van iets soos politieke oortuigings, kuns, of wetenskap.	J
Konnotasie (konnotatiewe betekenis)	Wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis; figuurlike betekenis.	K
Konteks	Die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word; verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word.	L

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Aspekte van KTB	Verduidelikings	Simbool
Manipulerende taal	Taal wat daarop gemik is om 'n onregverdige voorsprong te verkry, of ander te beïnvloed, meesal op 'n onderduimse manier.	M
Partydigheid	Eensydigheid; of 'n saak word net van een kant af beskou, bv. vreemdelingehaat.	N
Sleng (slang)	'n Variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my 'n kop aangesit*/*Jy kan kwaai bestuur.*	O
Stereotipering	Vorm 'n vaste (en dikwels partydige) siening oor 'n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester).	P
Taalvariëteite	Vorme van 'n taal wat patroonmatig van mekaar verskil.	Q
Vertellersperspektief	Verteller se standpunt vanuit 'n spesifieke hoek gesien (alwetend, alomteenwoordig, eerste- en derdepersoon); of die siening van 'n karakter in verhouding tot die aangeleenthede in 'n roman of drama; of 'n besondere manier van denke oor of die beoordeling van 'n situasie, bv. *vanuit 'n ekonomiese beskouing sal die nuwe ontwikkeling die dorp grootliks baat.*	R
Volksetimologie	Onverstaanbare woorde uit onkunde of grappenderwys omvorm tot 'n klank of 'n woord wat verstaan kan word, bv. *oliekolonie* uit 'eau de cologne'.	S
Vooroordeel	Vooropgestelde idees oor 'n individu, groep, idee of saak. Sodanige neiging om een saak bo 'n ander te bevoordeel, bring mee dat billike assessering baie moeilik word.	T
Waardes	Beginsels of standaarde van gedrag; iemand se oordeel van wat belangrik is in die lewe, bv. *morele beginsels.*	U

Bylaag D: Voorgestelde antwoorde op aktiwiteite

Hoofstuk 2

Aktiwiteit 1

1.1 Hy is waarskynlik in die tronk.

Motivering:

- Die uitdrukking op die twee mans se gesigte maak mens bang.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Die tatoeëermerke op die voorste man se arms en gesig.
- Twee volwasse mans wat op 'n dubbel bankbed sit - hulle is duidelik nie baie gemaklik nie, daar is nie baie ruimte nie.
- Die muur agter die mans waar die bed staan, is lelik, nie geverf nie, en aan gekrap.

1.2 'Pappa wag vir jou!'

1.2.1 Dit is waarskynlik 'n gevangene in die tronk wat die leier is, wat 'n 'pa'- posisie oor die ander gevangenes inneem.

1.2.2 Pappa is gewoonlik 'n liefdevolle term vir jou pa, wie jou liefhet en jou wil beskerm.

In hierdie geval is die pappa iemand vir wie jy bang moet wees, wie se paaie jy liewers nie moet kruis nie.

1.2.3 Vrees; angsbevangenheid.

1.3 As jy drink en bestuur, gaan jy opgesluit word en met karakters soos Papa in die Tronk te doen kry.

1.4 Ja, dit is effektief. Dit dra die boodskap duidelik oor. Dit wek ook by 'n mens die vrees op dat as jy drink en bestuur en jy daarvoor opgesluit word, jy met 'Papa' te doen gaan kry.

Aktiwiteit 2

2.1 In Strokie 1 is dit Neelsie: Hy vertel aan Meneer van sy voorneme om harder te werk.

In Strokie 2 is dit Meneer: Hy spel aan Neelsie uit wat die gevolge van sy dade is.

2.2 Meneer kry nie 'n bevredigende respons van Neelsie nie, Neelsie wil hom troef deur sarkasties te wees. Meneer het verwag dat Neelsie om verskoning sal vra.

2.3 Meneer se gesigsuitdrukking is kwaad en selfs dreigend.

Meneer steek sy vinger in Neelsie se gesig.

In die tweede raampie skree hy amper op Neelsie.

Hoofstuk 3

Aktiwiteit 3

3.1.1 swakker; omstrede; gunstelingspan; beroof

3.1.2 omstrede hier negatief – dalk vanuit die oogpunt van die opponente, die gunstelingspan wat duidelik die span is wat die skrywer wou hê moes wen.

3.1.3 Dit is die skrywer se mening dat die wenspan die swakker span is en dus nie moes wen nie.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

3.2

1 Weier dui daarop dat die werkgewer glad nie sy aanbod wil verhoog nie.

Oorspronklike beklemtoon die feit dat die onderhandelinge niks positief opgelewer het nie.

Die twee woorde plaas die werkgewer in 'n slegte lig.

2. onverbiddelik dui daarop dat mens nie kan verwag dat hy sy oorspronklike aanbod sal verhoog nie.

3 tevergeefs dui aan hoe hard probeer is om in gesprek te tree.

Hulle is 'n negatiewe manier om na die werkgewers te verwys.

Weier hardkoppig dui op die onverbiddelikheid waarmee die werkgewers onderhandel.

3.3 Leerders vind slagspreuke soos: 'winter wenners', ens.

Aktiwiteit 4

NEUTRALE WOORD	EMOTIEWE WOORD	
	POSITIEWE KONNOTASIE	NEGATIEWE KONNOTASIE
Huis	woning	bouval
vrou	tuisteskepper	huisvrou
kinders	bloedjies	woelwaters
Pa	Pappa	Outoppie

Aktiwiteit 5

Positiewe woord	Negatiewe woord
opgewonde	uitgelate
ontsteld	histeries
kwaad	woedend
ernstig	nors

Aktiwiteit 6

KOLOM 1	KOLOM 2
Oorredingstegnieke	Voorbeeld van woorde/frases
Eksplisiete aansprake	- Jou metabolisme met 242 kalorieë versnel - Staan dit soos 'n paal bo water dat die meeste oefenprogramme nie vir jou werk nie - Maar daar is 'n splinternuwe manier om vet te verbrand - Jou mislukte oefenprogramme van die verlede kan toegeskryf word aan die feit dat jy nog nie hierdie program op die proef gestel het nie.
Wetenskaplike bewyse	- Jou metabolisme met 242 kalorieë versnel - Navorsingsresultate wat in die jongste uitgawe van *Men's Health* tydskrif verskyn, bewys...

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Taal wat intensiteit weergee	- Splinternuwe - Ten sterkste aanmoedig - Ideale - Prettige - Ongelooflik - Duur lidmaatskapfooie - Jou rustende metabolisme op te jaag
'n Belofte van oplossings vir probleme	- 'n Splinternuwe manier om vet te verbrand. - Jy hoef nie die gimnasium te besoek nie. - Jy hoef nie duur kardio-vaskulêre toerusting aan te skaf nie. - Jy verbrand tot 242 kalorieë. - Dat hierdie oefenplan selfs lank na afloop van 'n sessie kalorieë verbrand.
Alledaagse woorde met 'n gelaaide betekenis	- Splinternuwe - Eenvoudige - Prettige - Ongelooflik - Verbrand - Dubbeld soveel
Kragtige woorde/woorde met slaankrag	- Splinternuwe - Ongelooflik - Eenvoudige - Mislukte

Aktiwiteit 7

Advertensie

7.1 Liefhebbers van volstruisvleis

Mense wat vir hulle gesondheid omgee (2)

7.2 Verbruiker (1)

7.3 - Herhaling van 'VOL' in die kop van die advertensie om by 'volstruis' aan te sluit.

- Herhaling van 'VOL' in die kop van die advertensie om die idee van heilsaamheid te beklemtoon.
- Die foto's beeld die gesellige saamverkeer uit wat in die geskrewe teks gesuggereer word.
- Die grafika van die hart, SABS en Halaal sal verbruikers aanmoedig om volstruis-vleis te koop.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Die verskillende lettertipes.

  Alliterasie in 'Lekker Langbeen'.

- Oorredingstaal, bv. Vol-woorde in die kop, 'waarmerk', 'geselligheid', 'bloubloed', 'gehalte', 'keur', 'hart van die partytjie', 'feesplesier', 'bewys jou gesondheid 'n groot guns', 'Raak kêns …'

- Die assosiasie van die KKNK (Klein Karoo Nasionale kunstefees) met volstruisvleis

  (enige TWEE) (2)

7.4 Wit: hoender en vis; rooi: rooivleis (2)

7.5 Die foto's sluit aan by die woorde 'partytjie', 'geselligheid' en 'feesplesier'. (2)

7.6 Oogsintuig: visuele aspekte soos grafika, foto's en lettertipes

Smaaksintuig: 'goeie smaak'; 'die droë smaak van wit' (2)

7.7 Dit bevat min kalorieë en is laag in cholesterol. (2)

7.8.1 die middelpunt van belangstelling tydens die partytjie

7.8.2 Van al die vleissoorte is volstruisvleis die beste./ Die koning van vleissoorte.

"Bloubloed" verwys na die adelstand.

7.8.3 Raak "mal", gaan "mal", "geniet dit met oorgawe"

7.8.4 Maak gereed om fees te vier. (4)

7.9 Hartteken; SABS-teken; Halaal-teken (2)

7.10 Die KKNK – Klein Karoo Nasionale Kunstefees se embleem is in die hoek onderaan die advertensie, direk na "skud nou jou feesvere reg!". Volstruisvleis word dus direk met feesvier geassosieer. (1)

7.11 Ja. Sien die antwoorde by vraag 3. (1)

Aktiwiteit 8

Skryf en Aanbied

Leerders ontwerp 'n advertensie.

Aktiwiteit 9

OOR MANS	OOR VROUE
sterk	pragtig
grof	betroubaar
mooi	simpel
ambisieus	volwasse
sportief	skinder
entoesiasties	kreatief
ernstig	giggel
opwindend	liefdevol
roekeloos	versigtig

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Leerders mag van mekaar verskil. Hulle kan ook geleentheid kry om hul keuses te bespreek. Lei die bespreking in deur gebruik te maak van die vrae by aktiwiteit 9.

Aktiwiteit 10

Skryf en aanbied: Leerders skryf oor eie ervaring

Klasbespreking: Leerders voer gesprek oor enkele leerders se ervarings, na aanleiding van die vrae by aktiwiteit 10.

Aktiwiteit 11

Groepwerk: Die klas neem in groepe aan die bespreking deel en gee dan terugvoer aan die klas.

Aktiwiteit 12

Groepwerk: Leerders beantwoord vrae in groepe.

Verrykingswerk: Selfstudie Vir Leerders

Aktiwiteit 13

Groepwerk

Hoofstuk 4

Aktiwiteit 14

	FEIT	MENING
Sondag is die beste dag van die week		X
Jeugdag is die belangrikste vakansiedag van die jaar.		X
Paasfees word in die Herfs gevier.	X	
April is 'n maand met 30 dae.	X	
Daar is 12 maande in 'n jaar.	X	
Hierdie was 'n verskriklike week.		X
Lente is die mooiste seisoen van almal.		X
Elke storie in die media is waar.		X
Maandag, Woensdag en Vrydag is dae van die week.	X	
Op die eerste dag van die skooljaar is mens maar skrikkerig.		X
Elkeen behoort 'n Valentynskaart te maak.		X
Jou verjaarsdag kom net eenkeer 'n jaar.	X	

*Aangepas uit Super Teacher Worksheets - **www.superteacherworksheets.com***

Aktiwiteit 15

Verslag

Droogte sal Suid-Afrika nog vir jare affekteer

Kenners is dit eens dat die droogte Suid-Afrika en die landboubedryf nog jare lank gaan affekteer. [FEIT]

Verskeie rolspelers insluitend staatsbeamptes, weer-, veevoer- en rampbestuurkenners het op 25 Januarie 2017 'n vergadering van Vrystaat Landbou (VL) se Ramp en Noodhulp subkomitee bygewoon. [FEIT]

Hoewel goeie reën gedurende Januarie en aan die einde van Desember 2016 oor groot dele van die provinsie voorgekom het, ervaar talle landbouers in veral die Wes- en Suid-Vrystaat steeds voertekorte. [FEIT]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Weiding gaan jare neem om te herstel, wat beteken dat landbouers steeds hul vee moet voer. [MENING WAT FEITE ONDERSTEUN]

Berig 1

Blitsvroue slyp vir statebondspele

Die Suid-Afrikaanse vroue-sewesrugbyspan se proeflopie vir April se deelname aan die Statebondspele begin Saterdag in die 7's toernooi in Brisbane, Australië. [FEIT]

Volgens die Blitsbokvroue se nuwe kaptein, Zintle Mpupha, het die veranderinge aan die span se bestuur en leierskap egter nie tot groot veranderinge in hul benadering gelei nie. [MENING]

Zintle glo hulle het dalk 'n kans om die toernooi te wen. [MENING]

Van haar eie spel sê sy: "Ek dink nie ek hoef veel te verander aan die manier waarop ek gaan speel nie. Veral nie in die naweek se toernooi nie." [MENING]

Ek is opgewonde en kan nie wag vir die toernooi om te begin nie. [FEIT]

Volgens kenners is die Suid-Afrikaanse span tans een van die beste spanne ter wêreld. [FEIT]

Na alle waarskynlikheid sal die Blitsbokke binnekort opskuif na die nommer een posisie op die wêreldranglys. [MENING WAT VOORAFGAANDE FEIT ONDERSTEUN]

Berig 2

Meghan help Harry pryse uitdeel

Prins Harry se verloofde, Meghan Markle, het Donderdag net soos haar aanstaande skoonsuser, Catherine, ook Alexander McQueen gedra, maar dié keer was dit 'n swart broekpak. [FEIT]

Markle het hemelhoë swart skoene gedra, wat haar treë teen die trappe van die Goldsmith-saal in Londen amper gevaarlik gemaak het. [MENING]

Sy het ook 'n silwerkleurige sambreel in die reën gebruik. [FEIT]

Harry het sy aanstaande bruid saamgeneem na die jaarlikse Endeavour-prysuitdeling. Hierdie pryse word aan gewonde, siek of beseerde lede van die gewapende magte toegeken wat die afgelope jaar uitsonderlike prestasies behaal het. [FEITE]

Meghan het ontspanne voorgekom, maar gereeld haar hare uit haar gesig gevee. [MENING]

Met haar vorige twee openbare verskynings het sy 'n los bolla gedra, maar hierdie keer het sy haar hare los oor haar skouers laat hang. [FEIT]

Met sulke openbare verskynings sal dit dalk vir haar beter wees om die hare uit haar gesig te dra. [MENING]

Meghan se keuse van die swart ontwerpersbroekpak kan wees om nie die kollig by Catherine, hertogin van Cambridge, te steel nie. [MENING]

Catherine en haar man, prins William, het Donderdagaand 'n ete by die Noorweegse koningsgesin in die koninklike paleis in Oslo bygewoon.[FEIT] Catherine het 'n ongelooflike uitrusting van Alexander McQueen gedra en vorstelik gelyk. [MENING]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Berig 3

Collective Soul glo ons het die gees

deur Seugnet van Zyl, 1 Februarie 2018

Suid-Afrikaners hét die beste gees. [MENING]

So meen Ed Roland, hoofsanger van die Amerikaanse rockgroep Collective Soul.

Roland sê daar is min plekke in die wêreld wat met die energie en die gees van sy Suid-Afrikaanse aanhangers kan meeding. [MENING]

Collective Soul werk tans aan hul tiende album. [FEIT]

Roland sê hulle het reeds 12 liedjies vir dié dubbelalbum, getiteld Blood, opgeneem. [FEIT]

“Die (dubbel)-album is, veral in vandag se tye, nie meer iets wat gedoen word nie. ’n Dubbelalbum is ook gepas as ons tiende album.” [MENING WAT FEITE IN PAR. 4 ONDERSTEUN]

Hoofstuk 5

Aktiwiteit 16

Pre-lees

1. ’n bedreiging
2. P. Malherbe; (Hy het ‘n doktorsgraad)
3. 10 Januarie 2018
4. Leerders neem deel aan klasgesprek

Tydens lees en Post-lees

- Individuele lees en /of klaslees van die artikel.
- Maak van aantekeninge oor die vrae wat gestel word: Moontlike antwoorde:

2.1 Die verwringing van Afrikaans in die kuberruim.

2.2 Hy wil die leser oortuig dat Afrikaans, soos gebruik in die sosiale media en op ander platforms, die taal skade berokken.

2.3 Afrikaanssprekendes

2.4 Ja. Die skrywer dra sy misnoeë baie sterk oor. Sy frustrasie en teleurstelling word onverbloemd gekommunikeer.

2.5 Nee. Die skrywer verskaf nie bewyse nie. Sy argument berus slegs op subjektiewe waarneming.

2.6 Nee. Die skrywer bied slegs sý argument aan.

2.7 Ja. Die skrywer gebruik kragtige taal en oordrewe beelde om ’n emotiewe reaksie by die leser te ontlok.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Hoofstuk 6

Aktiwiteit 17

Selfstudie

Hoofstuk 7

Aktiwiteit 18

18.1 Klasbespreking

18.2

Woord	Konteks WAAR	Doel WAAROM	Gehoor MET WIE
Vrou			
Dame	Vergadering	Om spreker aan te spreek	Die vrou: “Dame, kan u u laaste sin herhaal, asseblief?”
Poppie	Mans op die sportveld	Wil jong dame se aandag trek.	Een man aan die ander: “Roep daai poppie nader, man!”
Dogter	Die skool	Onderwyser soek inligting	Met skooldogter self: “Dogter, moet jy nie in die klas wees nie?”
Meisie	Die skool	Skooldogters leer mekaar ken.	Nuwe leerder: “Haai meisie, wat is jou naam?”
Man			
Meneer	Werkplek	Werknemer is na die baas se kantoor ontbied	Werknemer: “Meneer wou my spreek?”
Outoppie	Skoolterrein (groep seuns)	Praat oor hul pa’s	Seuns onder mekaar: “Kan jy glo, my outoppie sê ek kan nie meer rugby speel as my Wiskunde punt nie verbeter nie!”
Vent	Op die sportveld	Die man gedra hom swak.	Man teenoor sy vriend: ”Die vent behoort hom nie so swak te gedra nie! Hier is baie kinders.”
Laitie	Skoolterrein	Skoolseuns wil jonger seuns intimideer.	Groter seun: “Jy kan nie met ons speel nie, jy is nog net ’n laitie!”

Aktiwiteit 19

Groepbespreking

Aktiwiteit 20

Groepbespreking

Aktiwiteit 21

Groepbespreking

Hoofstuk 8

Aktiwiteit 22

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Groepbespreking

Aktiwiteit 23

Klasbespreking

Hoofstuk 9

Aktiwiteit 24 - Strokiesprent

24.1 Dat Neelsie se pa baie bly moet wees√ dat hy en Jakobus albei 95% vir die Wiskundetoets behaal het.√ (2)

24.2 - Die pa dink dat dit onmoontlik/ongelooflik is dat Neelsie 95% vir sy Wiskundetoets behaal het.√

- Die pa se gesigsuitdrukking wys dat hy nie regtig glo Neelsie het 95% in die toets behaal nie.√ (2)

24.3 Die pa sit versteend;

hy reageer nie met blydskap nie;

Sy voorkop is op 'n plooi;

Mens kan duidelik sien dat Neelsie se pa twyfel / hom nie glo nie.(enige TWEE) (2)

24.4 Die manier waarop Neelsie die nuus aan sy pa oordra, sy liggaamshouding en hoe hy dit stel, laat sy pa onmiddellik twyfel.√ Ook sy gesigsuitdrukking dui nie juis vreugde of opgewondenheid aan nie.√ (2)

24.5 Ja, Neelsie se pa ken hom seker al ook goed genoeg√ om te weet dat hy nie net kan glo wat Neelsie sê nie.√ (2)

Aktiwiteit 25 - Spotprent

25.1 Hy beleef 'n krisis as hy dalk werk kan kry/Hy wil nie werk nie en beskou 'n moontlike werk as 'n krisis/Hy is te lui om te werk/Hy verkies sy manier van lewe. (1)

25.2 Ja, die agtergrond is funksioneel omdat die boemelaars in 'n verwaarloosde park sit √, hulle aardse besittings is as baie min geskets word/ dit kan in 'n trollie gekarwei word √, die geboue agter die park verwaarloos is √, hulle sit onder 'n dooie boom wat geen skaduwee verleen nie √.die stadsgeboue, waar mense werk/besig is, is verwyderd van waar die boemelaars sit.√ (3)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Enige DRIE redes word vir DRIE punte gegee

25.3.1 Hy/sy is verbaas dat boemelaars soveel kan verdien/dink dat 'n boemelaar nie geregtig daarop is om geld te verdien nie. (1)

25.3.2 Ek stem met die joernalis saam, omdat ek glo dat mense vir hulle daaglikse brood moet werk.

OF

Ek stem nie saam met die joernalis nie, want dit staan barmhartige samaritane vry om geld te gee vir wie hulle wil. (1)

Die kandidate gee enige antwoord met bogenoemde strekking

25.4 Die geboue agter die boemelaars is ook verwaarloos, terwyl die stadsgeboue in die verte moderne en goed opgepaste geboue is. (1)

25.5 Die verskillende soorte geboue verteenwoordig die teenpole wat in die samelewing aangetref word/die verskillende klasse wat aangetref word/die omgewing waarin die boemelaars lewe teenoor dié van mense wat werk. (1)

Aktiwiteit 26

Groepbespreking

Aktiwiteit 27

Grafiese Teks

27.1 staafgrafiek

27.2 Om inligting, bv. statistiek, groot getalle, grafies voor te stel sodat dit makliker verstaan kan word.

27.3 telegram

27.4 e-pos

26.5 data; internetverbinding; selfoon; rekenaar; tablet

27.6 ongeveer 18

27.7 25

27.8 e-pos; sms; selfoon; telefoon; brief; telegram

27.9 telegram

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

27.10 ’n e-pos kom byna onmiddellik by sy bestemming uit, terwyl ’n brief gepos moet word. Dus moet

jy poskantoor toe gaan om ’n posseël te koop en die brief in die posbus gooi; dan eers word dit geprosesseer en uiteindelik deur die posman afgelewer. Dit neem dus baie langer vir iemand om ’n brief te ontvang.

26.11 ’n Sms is goedkoper as ’n oproep.

’n Sms kan ongesiens weggestuur word; jy kan dus met iemand kommunikeer sonder dat

ander dit weet.

Indien jy nie dringend met iemand hoef te praat nie, is ’n sms dus beter.

26.12 Dit is ’n ongemaklike, omslagtige en tydrowende proses, aangesien jy eers poskantoor toe

moet gaan om die telegram weg te stuur. Daarvandaan moet die posman dit ook eers gaan aflewer by die bestemming, terwyl die sms byvoorbeeld weggestuur kan word waar jy ookal is.

Aktiwiteit 28

Sirkeldiagram

28.1 Die Wes-Kaap

28.2 Mpumalanga

28.3 KwaZulu-Natal

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Bronnelys

- Brown, P. S. *The Value Of Enhancing Learner's Critical Language Awareness Of Discourse.*
- Fairclough, N. (1992). Introduction to CLA. In: N. Fairclough, *Critical Language Awareness (pp. 1–29). London: Longman.*
- Fairclough, N. (2001) *Language and Power*. Introduction (pp. 1–5)
- Fairclough, N. (2001). *Language and Power* (2nd edition). Essex, England: Pearson Education Limited.
- Farias, C. M. *Critical language awareness in foreign language learning.* Universidad de Santiago.
- Henry, F. & Tator, C. (2002). *Discourses of Domination*. University of Toronto Press.
- Janks, H. (1997). Critical Discourse Analysis as a Research Tool. *Discourse: studies in the cultural politics of education, 18*(3),329–342.
- Knoell, D. *The Role of Visual Literacy to Enhance Social Studies.*
- Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring: Verdere Onderwys en Opleidingsfase – Graad 10–12: Afrikaanse Huistaal.
- Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring: Verdere Onderwys en Opleidingsfase – Graad 10–12: Afrikaans Eerste Addisionele Taal.
- Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring: Verdere Onderwys en Opleidingsfase – Graad 10–12: Afrikaans Tweede Addisionele Taal.
- Lee, H. *Register In Singaporean Secondary Education English Textbooks*. Korea University.
- Ludwig, C. (2003). Making sense of literacy. In: *Newsletter of the Australian Literacy Educators' Association*, February 2003. Aanlyn toegang op 10 September 2003. http://www.alea.edu.au/docs/ludwig.pdf#search=%22Freebody%20and%20Luke%22
- Shamim, A. *Critical Language Awareness in Pedagogic Context.* National University of Modern Languages H-9, Islamabad, Pakistan.
- Suggett, P. *The 10 Most Powerful Words in Advertising: Discover the 10 Words That Bring You Results*. Paul Suggett, About.com Guide

Webtuistes:

- *An African-American Chronology of Important Dates*. http://www.infoplease.com/spot/bhmtimeline.html
- *Welcome to the Chinese American History Time Line*. http://en.wikipedia.org/wiki/Chinese_American_history
- *Timeline for Native American History*.

  http://www.shmoop.com/native-american-history/timeline.html
- *Three types of power*. http://www.thelearnerroom.co.uk/showthread.php?t=1283612
- *Language and power.* http://www.revisionworld.co.uk/a2-level-level-revision/english-language/language-and-power

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- *Language and power*. http://www.universalteacher.org.uk/lang/power.htm \o
- http://www.discoveryeducation.com/teachers/free-lesson-plans/understanding-stereotypes.cfm
- *English – Persuasive Techniques*. Bronterae, Nov. 2008.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Private Bag X895, Pretoria, 0001
Telephone: 012 357 3000 Fax: 012 323 0601
© Department of Basic Education

website	facebook	twitter
www.education.gov.za	www.facebook.com/BasicEd	www.twitter.com/dbe_sa

120 Plein Street Private Bag X9023
Cape Town 8000
South Africa
Tel: +27 21 465 1701
Fax: +27 21 461 8110

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za